

HOOFSTUK XI

NATURELLE EN DIE SENDING

Die houding wat die Boere noord van die Vaalrivier teenoor die sendingwerk aangeneem het, was sterk beïnvloed deur toestande in die Kaapkolonie voordat hulle dit verlaat het. Om die ontwikkeling van die beleid van die Boere in hierdie opsig na te gaan, moet ons terug gaan tot die begin van die 19e eeu, toe genootskappe, onder invloed van skrywers wat die regte van die "onskuldige natuurmens" bepleit het, verteenwoordigers na Suid-Afrika gestuur het, om sendingwerk onder die Inboorlinge hier te doen.

Op 31 Maart 1799 kom vier sendelinge van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika aan, en toe de Mist hier aankom, was hier ook sendelinge van die Morawiese en Rotterdamse Sendinggenootskap werkzaam. Hierdie sendelinge het nie van die begin almal goeie werk verrig nie. De Mist en ander tydgenote praat met lof van die Morawiese Stasie te Genadendal, maar die "kommerlijken toestand" waarin Bethelsdorp die verblyfplek van Dr. van der Kemp, verkeer het, het seker nie goeie indrukke nagelaat nie. De Mist beskryf die verteenwoordiger van die Londense Sendinggenootskap as 'n man met "zonderlike begrippen" in verband met sending, dat dit tot moeilikhede sou lei. Na hy persoonlik met die werk van die sendelinge kennis gemaak het, het de Mist met Janssens saam gestem, dat voorlopig nie meer sendelinge na Suid-Afrika gestuur moes word nie, daar hulle baie kwaad doen en onder die koloniste moeilikhede veroorsaak.

Die groot fout wat hierdie eerste sendelinge gemaak het, was om te vergeet, dat die mens nie alleen moes bid nie, maar ook moes werk. ¹ Veral as in aanmerking geneem word, dat die Kaapse Kolonie die Hottentot as diensbode nodig gehad het, kan verstaan word, dat hulle met die denkbeelde van die sendelinge nie sou saam gaan nie.

Die "Swart Omgang" van 1812 wat deur die meeste koloniste beskou was, as 'n botsing tussen die sendeling en die Boere, en waarin byna honderd van die vooranstaande families van die Kaapkolonie betrokke was.

engendered a very bitter veeling of hostility towards the administration of justice in general and more particularly against the Missionaries who brought forward these accumulated charges against such a number of colonists. ²

Die gevoel dat hulle onsimpatiek behandel is, is nog versterk deur die onvoorgeeldige lewe van die sendelinge, wat van so 'n aard was, dat hulle daardeur verbeur het all that respect which morality of conduct will ever command in society. ³

Geen wonder dat die Hottentotte onder leiding van sulke persone liewers 'n "ongedissiplineerde lewe" rondom die sendingstasies wou lei, as 'n lewe "of work and industry", wat hulle gewoon ⁴ was op die plase van die Boere. Hierdie rondloper-Hottentotte het by die sendingstasies toevlug gesoek,

-
1. Sir Henry Cloete verklaar in sy Hist. of the Great Boer Trek and the origin of the South Afridaan Republic (London 1900) bls. 42: In those few districts then immediately adjoining the Bushmen country some substitute was partially found for the loss of their Hottentot servants, but throughout the remainder of the eastern province it must be acknowledged that the numerous missionary schools .. took from the service of the farmers every Hottentot or servant descent, who were not only induced to retire to those schools as the abode of ease and indolence, but were moreover taught to consider themselves as a distinct and separate race, who "ought" not to owe any service to the Saxon farmer.
 2. Sir Henry Cloete: The Hist. of the Great Boer Trek, bls.15.
 3. Dieselfde, bls. 35. W.M. Macmillan: The Cape Colour Question (1927) bls. 93; J.P. Fitzpatrick: The Tvl. from within bls.7
 4. Rev. F. Flemming: Southern Africa (1856) bls. 312.

zonder de middelen te bezitten om zich daar behoorlijk te onderhouden. 1.

In 1819 verskyn dr. Phillip, as Superintendent van die Londense Sendinggenootskap in Suid- Afrika. En sy koms het seker nie bygedra, om die kloof wat daar bestaan het tussen die Hollandse Kolonie en sy genootskap, te oorbrug nie. As 'n besielde kanpvegter van die Inboorlinge het hy nuwe aantygings teen die koloniste begin maak en hulle verder verbitter. In die sestiger jare verklaar Merensky, dat die Boere in Transvaal nog nie die Kaapse sendeling vergeet het nie,

auf welche man die Schuld von allem wirklichen oder vermeintlichen Unrecht haufte, welches England der Bauerbevolkerung des Kaplandes angethan hatte. 2.

Met die Morawiers het die verhouding van vyandskap nie ontwikkel nie, maar intendeel was hulle geear onder die koloniste "through their unostentations and preserving labour amongst the natives."³

Die inmenging van die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap in die moeilikhede op die oosgrens het die Boere verder van die genootskap vervreemd. Dit word deur Piet Retief in sy manifes as oorsaak vir die Trek aangegee:

Ons klae oor die onregverdige blaam wat daar op ons gelê is deur belanghebbende en oneerlike persone onder die dekmantel van godsdienst - persone wie se getuienis in Engeland geglo werd tot uitsluiting van alle bewysmiddele in ons voordeel; en ons voorseen as gevolg van hierdie vooroordeel niks anders nie as die totale ondergang van die land. 4.

Gedurende hulle verblyf in die Vrystaat naby Moroko het baie gaan luister na Archbell, die Wesliaanse Sendeling, wat

-
1. T. Pringle: Schetzen uit Zuid-Afrika (1837) bls. 366.
 2. D.A. Merensky: Erinnerungen aus dem Missionleben in Tvl. 1858-1882, (1888)
 3. Rev. F. Flemming: Southern Africa, 1856, bls. 312.
 4. G. S. Preller: Piet Retief, bls. 79. P.L. Uys skrywe op 7 Augustus 1837 aan die Goewerneur: "To make the country yet more unfortunate, we see with astonishment a governor who could do much good by the existing laws, and we see other persons, such as missionaries and other prejudiced writers, who are believed whilst what this governor writes is not attended to: G. M. Theal: Hist. of S.A. from 1795-1872 - Vol. 2 bls. 314.

- 219 -

1
2
3
4
5
6
7

by genoemde Hoof gevestig was. Hy is toegelaat om dienste in die laer waar te neem. Nie alleen het hy gepreek nie, maar ook gedoop, aangeneem, en die Nagmaal bedien. Ook Retief paart met die hoogste lof van die werk van Eerw. Archbell. In sy brief van 9 September 1837 aan Stockenström (op die oostelike grens) skrywe hy o.a.

Dis te hope dat almal wat voorgee om die onbeskaafde naturel te lei en op te voed, aan hom (Archbell) 'n voorbeeld sal neem en probeer om hulle langs dieselfde weë van godsvrug, arbeidsaamheid en regverdigheid te voer.

Feitlik die enigste blyke van afkeur teenoor die Sendeling kom van Eerwaarde Smit, die Trekkerpredikant, wat voorheen self 'n Sendeling was. Hy het so ver gegaan om Piet Retief af te raai om Archbell te laat preek. Retief het blykbaar van opinie in die saak met Smit verskil en hom "geen voldoende antwoord (gegee nie), "wijl ZEd. die zwarigheden er niet in zag, die ik er in de gevolgen in zie." Eerw. Smit het die houding aangeneem omdat hy gevrees het, dat hy sy invloed onder die Trekkers sou verloor, daar daar selfs sprake was dat Archbell predikant onder die landverhuisers sou word.

Op 6 Junie 1837 is die houding van die Trekkers teenoor die Londense Sendinggenootskap uiteengesit in die volgende besluit wat deur

den geheele raad van het maatschappij van deesen vereenigde laager zullen moeten worden opgevolgt, nagekomen en met solemneelen Eden worden gestaafd.

Ons die gereformeerde lede-mate is begerig dat elkeen, nie een uitgesonder nie, sal moet afkyk van "allen sendelinge ge-----

1. Preller: Voortrekkermense, II bls. 61-Dagboek van E. Smit 20 November 1836, bls. 82.
2. Dieselfde, bls. 79 - Dagboek van E. Smit, 1 Januarie 1837, bls. 95- 30 April 1837, bls. 69, 7 Desmeber 1836.
3. Preller: Voortrekkermense, I, bls. 293.
4. Piet Retief, bls. 141.
5. Preller. Voortrekkermense, II, bls. 111, 112 - Die beswaar van Smit was: Dat dit "strydig (was) tegen de beedige resolution van 6 Junie 1837.
6. Preller: Voortrekkermense, II, bls. 112- Sien Dagboek van Smit: 26 Junie 1837 en 28 Maart 1837.
7. Preller: Voortrekkermense, I, bls. 300.

nootschap van England en verder daarvoor opentlik bedanken."¹

Persone wat hulle nie aan die besluit onderwerp nie sou geen aanspraak hoegegaam "hebben op eenigen rijwaagen of ander-² en voordeelen die doorden of ons bedoelde land voortvloeien.²

Aan die houding van die Trekkers teenoor die Londense Sendinggenootskap kan na die verklaring nie meer getwyfel word nie. Van ander Genootskappe word in die besluite nie gerep nie, nog minder hulle houding oor sendingwerk in die algemeen uiteen gesit. In sy brief van 18 November 1837 skryf P.Retief aan Dingaan.

jy kan glo wat die leraars jou vertel van God en Sy Regering oor die wereld. En ik moet jou aanraai om, met betrekking tot hierdie dinge, net die here wat jou wil onderrig in Gods Woord te praat, want hulle kan jou sê met hoe 'n groot mag God alle aardse konings regeer het, en nog steeds regeer. Ik verzekер jou dat dit 'n goeie ding vir jou is dat hy leraars toegelaat het om in jou land te bly. ³

Piet Retief skyn heeltemal ten gunste van sendingwerk te ⁴ wees. En in sy brief in die "Graham's Town Journal" van 18 November 1837 verklaar hy o.a.: "Ek kan nie te hoog spreek van die vriendelikheid en aandag van die sendelinge hier in die ⁵ algemeen."

Retief het egter nie lang genoeg gelewe om sy houding ⁶ teenoor sendingwerk in die Trekke gebied te openbaar nie.

Sy opvolger, A.W.J.Pretorius, ontvang 'n brief gedateer 15 April 1839 van C. Hattingh waarin lg. hom mededeel, om as hy sendelinge onder die Soeloës wil hê,

dan oogenblikkelijk aandde Amerikaansche Zindelingen die op Grahamstad zijn (schrijven) om te komen of aan de Pruische

-
1. Preller: Voortrekkermense, I, bls. 300.
 2. Preller: Voortrekkernense bls. 301 Art. 8.
 3. Preller: Piet Retief bls. 182, Ons kan met sekerheid aanneem dat Trekkers net teen die Londense Sendinggenootskap was. Agtien dae na die besluit van 6 Junie 1837 is Archbell weer in die laer toegelaat om te preek. (Preller: Voortrekkermense, II, bls. 112).
 4. Bird: Annals of Natal, I, bls. 212 en 362.
 5. Dieselfde, bls. 365.
 6. Op 1 Des. 1837 teken die Amerikaanse Sendeling Lindley van Retief aan: "He has unasked taken pains to impress Dingaan favourable towards the Missionaries: Bird: Annals, I, bls. 212.

Zindelingen die in Kafferland zijn, dog u moet de zendelingen van de Engelsche kerk niet in het geel afslaan. Als u dat doet zal oorlog om het geloof ontstaan. U moet hunne maar aan een lijtjie houwen tot de bovengemelde daar heeft(aangekomen). 1.

Nie alleen kry ons hier weer 'n openbaring van die afkeer teenoor die Londense Sendinggenootskap nie, maar ook 'n bewys van die invloed wat die sendelinge volgens die oordeel van die Trekkers op die Britse Regering gehad het. 'n Onvriendskaplike daad teenoor hulle, het die Trekkers gemeen, kon tot 'n gelofoorlog lei. 'n Groot voordeel sien hy dan daarin om die Amerikaanse Sendeling vriendelik te ontvang, omdat Pretorius dan "beter in de gelegenheid (is) de Amerikaan tot uwen schuts heer te krygen door de Zendelingen mischien."²

Met lede van die Amerikaanse Sendinggenootskap het die Trekkers in die tyd kennis gemaak. Na die aanval op Silkaats het Lindley, Wilson en Venables, drie Amerikaanse Sendelinge te Mosega, die wens uitgespreek om saam met die Trekkers te vertrek.³ Hulle versoek is toegestaan en saam met die Kommando is hulle terug na die laer naby Moroko.⁴

Op 4 Maart 1840 besluit die Nataliese Volksraad om Lindley te versoek om op te tree als Leeraar "in dit gemeente onder vertoning zijnerdocumenten als gepromofeerd leeraar."⁵ Na hy aan hierdie voorwaarde voldoen het,⁶ is hy op 16 Januarie 1841 besluit om hom as Leeraar te bevestig teen 'n salaris van Rds.⁷ 1333/2/4.

In 1834 verlaat ses Sendelinge van die "American Board of Foreign Missions" Amerika. drie daarvan was bestem vir sending-

-
1. R. 31/39.
 2. Dieselfde
 3. R. 30/38 - A.H.Potgieter aan Goewerneur, 25 Nov. 1838.
 4. Preller: Voortrekke mense, II, bls. 134.
 5. N.I., V.R.N. 4 Maart 1840, Art. 7.
 6. R. 74a/41; N. II., V.R. N. 5 Oktober 1841.
 7. N. II., V.R.N. 16 Januarie 1841, Art. 3.

werk in Natal.¹ Op 24 Januarie 1836 teken Champion aan, wat die resultaat was van die onderhandelinge tussen hulle en Dingaan:
Hy het gevrees vir die euwels wat kan volg op die witman in sy gebied, en wil graag die grens van die witman anderkant die Oemtoegela sien; die Soeloes kon nie glo wat die sendelinge hulle vertel nie, maar wou hulle 'n kans gee en stem toe dat sending werk begin sou word in die distrik van Hlomenhline (Hlomeblaain). "En dan," sê die Koning "as julle slaag, sal ek die skool in die hart van die gebied bring. Ek sal self leer en 'n voorbeeld stel vir my volk."³

Die Volksraad van Natal was, soos uit die volgende sal blyk nie teen sendingwerk in die nuwe Republiek nie. Op 7 September 1839 beluit hulle om die versoek van Dr. Adams toe te staan en aan hom grond toe te ken vir 'n instituut "niet als eigendom maar aan die Maatschappij behoorende." Hierdie grond word uitgegee "enkeld tot uitbrijding van het Evangelium."⁴

Op 8 Junie 1840 het die Raad duidelik hulle politiek teenoor die sending uiteengesit, toe hulle besluit het: Dat die Wel Eerwaarde Heer Lindley indien hy sy eed van getrouheid afê,
verlof verleen sal word om 'n reis na Panda te doen en dat vir die uitbreiding,

der Evangelium alle Leeraaren door den Zuid Afrikaansche Maatschappij zal worden geprotecteerd die door hen word gepermitteerd.⁵

J. P. Zietsman is aangestel om die eed brief vir Lindley op te stel.⁶

Op 5 Augustus is die versoek van Lindley om saam met

-
1. R. 74 a/41 - Worstelstryd van Cachet, bls. 147 gee aan 1836, R. 74a/41 gee aan 1834.
 2. Bird: Annals of Natal, I, bls. 207. Een van die Amerikaanse Sendelinge.
 3. Bird: Annals of Natal, I, bls. 207.
 4. N.I., V.R.N. 7 Septembér 1839, Art. 2. Later is deur die Amerikaaners gevra om grond op hulle naam getransporteer te kry, maar dit is geweier. V.R.N. 30 September 1840, Art. 11.
 5. N.I., V.R.N. 8 Junie 1840, Art. 3.
 6. Dieselfde, Art. 4.

Adams en "Croot" 'n reis na Panda te onderneem en as hulle sake gunstig vind, 'n instituut op te rig, weer deur die Volksraad bespreek, en besluit om dit toe te staan wanneer die Kommandant Generaal dit veilig vir hulle ag om te vertrek. Die Landdros sou hulle die verlof verleen, nadat die eersg. die burger- en die twee ander leeraarseed ¹ afgelê het.

Ooreenkomstig die besluit is op 15 Januarie 1841 besluit om Croot toe te staan as Sendeling na Panda te gaan. Op hulle versoek het hy ingewillig om in gedurige briefwisseling met die Raad te bly. Die ou vrees vir politieke sendelinge blyk ook weer hier, waar die Volksraad aan Croot versoek rig om alles ² te doen "overeenkomstig de welvaard onzer maatschappij."

Die Natalse Volksraad het nie alleen sending werk toegelaat nie, maar dit ook aangemoedig. Op 7 April 1841 besluit die Raad om 'n sendeling oor te haal om hom te vestig by Kaf-fers wat hulle tussen "Lovo" en Oemkoemas wou vestig. ³ Hulle het hierdeur in die praktyk probeer wat hulle in 'n brief van 14 Januarie be loof het, nl. om sendingwerk onder die heidene aan te moedig, en beskawing van die volke om hulle te bevorder.

In Desember 1840 vind daar weer iets plaas wat seker nie 'n verder liefde by die Trekkers teenoor die sending ontwikkel het nie. Nkapaaai se volgelinge het hulle skuldig gemaak van ⁴ diefstal, en 'n ekspedisie is uitgestuur om hom te straf. Hoe-wel die Boere rede gehad het om die Kaptein te straf, het sendelinge verklaar dat Nkapaaai onskuldig was. ⁵

Hierdie Nkapaaai moeilikhede en die inmenging van die

-
1. N. II, V.R.N. 5 Augustus 1840, Artl 1.
 2. N. II, V.R.N. 15 Januarie 1841, Art. 1.
 3. N. II, V.R.N. 7 April 1841, Art. 4 - op 14 Jan. 1841 skrywe die V.R. van Natal aan die Goewerneur van die Kaap: "Dat dit Republiek beloofd alle aanmoediging te geven" tot die verspreiding van die Evangelie.
 4. Preller: Voortrekkermense I, bls. 63, Bird: Annals of Natal bls. 633, e.v. 636, 637.
 5. Bird: Annals of Natal, I, bls. 647.

sendelinge het weer 'n sterk afkeer vir sending werk by baie van die Trekkers ontwikkel. Wat meer is: Daar is selfs beweer dat van die gesteëde vee tussen die van sendelinge gesien was.¹ Hierdie beskuldiginge is deur die sendelinge ontken,² maar hulle onskuld is nie bewys nie.

Hierdie gebeurtenis het die Volksraad weer laat terug dink aan die politieke sendelinge van die Kaapkolonie. Op 2 Februarie 1841 besluit die Volksraad om die Landdros van Potchefstroom J. De Klerk, te berig: Dat hierdie Raad in geen oopsig ongneeë is, om sending werk onder die heidene toe te laat en self aan te moedig, daar die Raad bewus is van

het groot nut dat daar ingeleëgen legt en de plig daar omtrent rustende op ieder een die de naam van Christen draag, dat echter de Hollandsche boeren veel heef moeten lijden door verkeerde en geheime berichten van veele sendelingen strekkende tot nadeel van onse Nationale eer en Caracter; welke sendelingen sich meer hebben laaten gebruiken als poletieke voorstanders of opperhoofden van gecouleerde volkeren dan als vredesame leeraars van het woord Gods.

Die Raad het daarom besluit om geen sendelinge binne die gebied toe te laat nie

dan alle die sulken van wien sy reeden hebben te geloofen op regte dienaars te zijn van het woord der waarheid en des vredes

en die wat hulle gewillig verklaar om die wette en gesag van die Volksraad te gehoorsaam.

Die eerste sendelinge wat hulle noord van die Vaalrivier gaan vestig het, was Edwards en J. M. Kok, wat saam met 'n ekspedisie onder Truter en Somerville in 1801 om die moontlikheid om met die Inboorlinge in die binneland handel te drywe, getrek het. Ongeveer drie myl van die teenwoordige Kuruman het hulle 'n sending stasie aangelê.³

-
1. Bird: Annals of Natal, I, bls. 633.
 2. Dieselfde.
 3. Bladen uit de Memoirs van P. Borchards, bls. 70.

In 1817 is te Kuruman deur die Londense Sendinggenootskap 'n Stasie gestig onder die Batlapiens en in Mei 1821 het Eerw.
¹ Moffat hom hier gevestig.

Die Wesliaanse Sendelinge het die Londense opgevolg en in 1823 vestig Broadbent en Hogeson hulle by Makwassie onder die volgelinge van Sefoenele. In 1824 is Hodgeson terug en terwyl Broadbent op 'n gesondheidsreis was na die Kaapkolonië ² is die Sendingstasie afgebrand. En soos ons gesien het, het die Barolongs wat hulle hier bearbei het, in 1826 na Platberg vertrek.

In 1829 verskyn verteenwoordigers van die Paryse Sendinggenootskap, Bisseua, Lemue en Rolland, in Suid-Afrika. Hulle was van plan om onder die Bahoeroetsie te gaan arbei, maar as gevogl van die vyandige houding van Silkaats was hulle verplig om die plan op te gee en hulle naby Moffat by Motito te vestig.
³

In Julie 1841 kon David Livingstone by Kuruman aan. Hy het eers by Mabotsa gewerk, maar in 1846 by die Bakwena onder Setsjelie hom gaan vestig. Op advies van Livingstone het Setsjelie sy kraal verskuwe van Chonuane, waar Potgieter vir hom grond aangewys het, na Kolobeng, ongeveer 40 myl wes van die ou woonplek.

In 1848 was daar reeds 'n gespanne verhouding tussen Livingstone en die Boere. Op 16 Desember 1848 teken hy in verband met 'n onderhoud met Potgieter aan:

Opposed to building school . Told him if he hindered the gospel the blood of these people would be required at his hand. ⁴.

Livingstone was een van die opvolgers van Dr. van der Kemp

-
1. J. du Plessis: History of Christian Missionaries, bls. 158 472.
 2. Dieselfde, bls. 176, 472.
 3. Eerw. Dreyer: Eeufeest Album van de Nederduits Gereformeerde kerk, (1910- bls. 15.
 4. W. G. Blaize: The personal Life of David Livingstone, bls. 76.

en Dr. Philip, wat geen simpatie met die Boere gehad het nie en ook nie veel van hulle verwag het nie.¹ Geen wonder dus, dat hy op 17 Desember 1848, nadat hy 'n poging aangewend het om 'n nuwe stasie in Trekkergebied op te rig, moes opteken:
"Boers violently opposed."²

Dr. Robertson en Faure, twee predikante van die Nederduits Hervormde Kerk. wat in 1848 'n besoek aan die gebied noord van die Vaalrivier afgelê het, het pogings aangewend, om die Boere te beweeg, om aan Livingstone toe te staan om die stasie op te rig. Aan hulle het die Boere verklaar, dat hulle nie teen die verspreiding van sendingwerk was nie, en dit graag sou bevorder, veral as sendelinge van die Morawiese of Nederlandse genootskap hulle daar wou gaan vestig. Aan Livingstone wou hulle egter die verlof nie gee nie, omdat hy vuurwapens en ammunisie aan die Inboorlinge verskaf het.³

Livingstone het nie alleen die bepalinge van die Boere in verband met die verspreiding van vuurwapens veronagsaam nie, maar was ook een van die sendelinge wat gedink het aan die uitbreiding van Britse grondgebied in die binnelande van Suid-Afrika.⁴ Dat dit teen die sendelinge was wat die Trekkers gekant was, en nie teen die sendelinge wat hulle aandag by hulle werk bepaal het nie, blyk uit 'n brief van A.W.J. Pretorius van 26 Desember 1850 aan Eerw. Fredouz, waarin hy verklaar: het was nooit myne mening het Evangelie tegen te gaan, maar hetzelve te helpen bevorderen.

-
1. D. Livingstone:Missionary Travels and Researches in South Africa (1912), bls. 25 e.v.
 2. W.G. Blaize: The personal Life of Livingstone, bls. 76.
 3. G.M. Theal: History of South Africa since 1795, III, bls. 378.
 4. S.S. 60 - Brief van Livingstone aan Packinton, 12 Desember 1852.

As Fredouz weer 'n reis wou onderneem, was Pretorius gewillig¹ om hom te ondersteun.

Livingstone het dan deur sy valse beskuldiginge die Boere in die harnas teen hom gejaag. Hy het hulle feitlik niks anders² beskou as geweteloze slawehouers wat die onskuldige Inboorlinge³ op 'n afskuwelike wyse onderdruk. So verklaar hy:

It is almost needless to add that proper treatment has always contained in it the essential element of slavery, viz., compulsory unpaid labour.⁴

Hy het ook rede genoeg verskaf om uitgesluit te word uit die gebied van die Boere.

Die aanval op Setsjelie in 1852 het die gespanne verhouding tussen Livingstone en die Boere die toppunt laat bereik.

Setsjelie het groot hoeveelhede vuurwapens van handelaars en self van Livingstone, verkry. Op 14 Junie 1851 rapporteer Kommandant Enslin, dat Setsjelie hom sterk voorberei vir oorlog.⁵ Sy volgelinge het die naburige Blankes berowe, maar as gevolg van die droogte wat daar in die land geheers het, kon daar nie 'n veldtog teen die rowers in 1851 onderneem word⁶.⁷ nie.

In 1852 het die botsing net Setsjelie as volg ontstaan: Mosele, die Kaptein van die Bakhatla, wat naby die Marikwa gewoon het, het vee van die Boere gesteel. Toe hy gedagvaar

1. "Friend" van 17 Feb. 1851: "wij hebben geloofwaardig bericht, dat het de uitdrukkelijke begeerte is van de meerderheid der Overvaalsche Boeren, om de uitbreiding des Evangelies onder de inboorlingen to ondersteunen." Dr. G.W.A.Gerdener: Boustowwe vir die Geskiedenis van die Ned.Ceref. Kerk in die Transgariep, (1930- bls.554).
2. Livingstone: Missionary Travels, bls. 26: "The demand for domestic servants must be met by forays on tribes which have good supplies of cattle." Sien ook bls. 25, 74.
3. Dieselfde, bls. 26.
4. Dieselfde, bls. 68.
5. St. Court.Z.A.R.No.44, 24 Sept. 1858; Livingstone gee as oorsaak aan (Missionary Travels, bls.28): English traders had sold the Bakwains what the Boers most dread - arms and ammunition. When the guns amounted to five, so much alarm was excited among our neighbours that an expedition of several hundred whites was seriously planned to seize these weapons."
6. E.V.R. 105, V.R. 167/51.
7. E.V.R. 105, V.R. 181/51 - Pretorius aan Potgieter.

om voor die naaste Landdroshof te verskyn, het hy geweier en na Setsjelie gevlug. Setsjelie wou hom nie uitlewer nie, maar het hom beskerming aangebied.¹

'n Kommando onder Pieter Scholtz is uitgestuur om Mosele op te eis. Op 28 Augustus 1852 was die Kommando by Kolobeng. Pogings van Scholtz om Setsjelie te beweeg om tot 'n vreedsame skikking te kom, het hom verder in sy kwaad gesterk. Die antwoord wat hy gekry het, was 'n uitdaging om sy kragte met iemand te meet wat net so goed as hy gewapen was. Op 30 Augustus is die versterkte posiesies van die Kaptein ingeneem. Op 1 September 1852 is 'n patrollie onder P. Schutte na die ou stat van Setsjelie gestuur. Hier vind hulle die huis van Livingstone oop. En volgens die sendelinge, Inglis en Edwards twee tevore aan H. Beytel en J. Snyman vertel het, het Setsjelie die huis laat oopbrek om kruit en lood te kry.²

In die huis het hulle halfherstelde gewere en meer geweermakersgereedskap as Bybels gekry. Dit het meer na 'n geweermakerswinkel as 'n sendingstasie, en meer na 'n smokkelaars besigheid as na 'n skool gelyk. Kaffer gevangenes het aan Scholtz: meegedeel, dat Livingstone kort voor sy vertrek der-³ tien gewere aan Setsjelie verruil het.

Daar hy reeds in 1848 beskuldig was, dat hy gewere aan die Inboorlinge verhandel het, het die ontdekking die Boere nog meer teen hom gekant.

Na hierdie gebeurtenis het Livingstone die boere verder belaster in die Britse nuusblaaie,⁴ en aan die direkteure

-
1. St. Court. Z.A.R. No. 44, 24 September 1858. Dr.C.W. Kiewiet verklaar (British Colonial Policy and the South African Republics 1848-1872(1929) bls. 24 5). It was because Sechele, backed by Livingstone, refused to acknowledge himself a subject of the Republic that he was attacked and so severely punished.
 2. E.V.R. IV - Verslag van Pretorius, 1852.
 3. R. 424/52
 4. J.P. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Suid Afrikaanse Republiek, 1898, bls. 68.

- 229 -

van sy genootskap geskryf, dat die Boere vasbeslote was om die binneland vir sendingwerk te sluit. Van hierdie beskuldiginge van Livingstone word in die Staats Court van die Suid-Afrikaanse Republiek van 24 September 1858 verklaar:

Availing himself of the exaggerated sympathy, which a portion of the family of John Bull extend to the black races, and of the ignorance of local circumstances which is natural in so remote a country as England, he has made out an "ex parte" case against us, which if it were true, would expose us to the just hatred of mankind. 2.

En daar hulle hom nog beskou het as die bron van die onluste op die wesgrens word verder verklaar:

and we may hope that if we can for the future prevent the settlement of any of the L.M.S. agents in that part of the country, peace may be long preserved. 3.

Toe Livingstone dan met sy reis begin is in die Staats Courant van die Suid-Afrikaanse Republiek van September 1858 verklaar:

We congratulate him on the worldly wisdom and sagacity he has displayed we cannot help pitying him for being compelled to use such means. We are convinced such a course has been distasteful to him in the extreme, and give him credit for having taken the first opportunity of disconnecting himself from the trammels of a society of whose dirty work he must be thoroughly sick.

Dit was dus nie net persoonlike kwessies tussen die Boere en Livingstone nie, maar ook die strewe van die Londense Sendinggenootskap wat volgens die beskouing van die Boere, nie net sendingwerk ingesluit het nie, wathulle met afsku vervul het teenoor die Genootskap. Die volgende aanhalings uit die Staats Courant van die Suid-Afrikaanse Republiek toon duidelik aan wat die Boere van Livingstone en die Londense Sendinggenootskap gedink het:

As an agent of the L.M.S. it was his bounden duty to show enmity between the black and white races, according to the custom of his class through out South Africa.

-
1. Blaize: The personal Life of D. Livingstone, bls. 113;
Livingstone: Missionary Travels, bls. 70.
 2. St. Court. Z.A.R. No. 44, 24 September 1858.
 3. Dieselfde.
 4. Dieselfde.
 5. Dieselfde.

- 230 -

In die Staats Courant van die Suid-Afrikaanse Republiek van 9 April 1858 word verhaal hoe Setsjelie hom gretig verklaar het om onder die beskerming van die Suid-Afrikaanse Republiek geplaas te word. Daarop word vervolg:

Dit is ten minste eene overtuiging van een geheel ander bese staande gevoelen, tussechen de naturellen en de ingezetenen van dit land dan dat, welk door de kwaadaardigen agenten en staat-kundige knoeijers van het Londonsche Zendeling Genootschap opgegeven is geworden, die zoo lang oorlog en oproer, tusschen blanke en gekleurde stammen door geheel ZuidAfrika verwekt hebben. 1.

Die Boere het kennis gedra van die beskuldiginge wat deur 2 Livingstone teen hulle gemaak is; van daar die verklaring:

In elke zinsnede, welke deze verachtelijke persoon, in betrekking tot onze verhouding met, en behandeling van de naturellen stammen schreef, heeft hij van leugen en bedrog gebruik gemaakt; daar hij bij zijne manier van aanvallen, staat maakt op de onwetenheid en verblinde vroomheid zijner lezers. 3.

Die Boere noord van die Vaalrivier was dus definitief teen die Londeniese Sendinggenootskap en die verteenwoordigers van die Genootskap in Suid-Afrika, nie omdat hulle serding werk onder die Inboorling wou doen nie, maar omdat hulle politieke sendelinge was en onrus onder die Inboorlinge veroorsaak het.

Die twee Sendelinge, Ingles en Edwards, het hulle ook in die moeilikhede ingemang, en nie alleen skerp aanvalle op die Republiek in die "Commercial Advertiser" gamaak nie, maar ook 'n beledigende brief aan Kommandant Scholtz geskryf. Hierdie optree van die twee Sendelinge het groot opskudding veroorsaak. 4

Op 4 Oktober 1852 besluit die Kommissie-Raad om Pretorius 5 op te dra om die saak te ondersoek. Die twee Sendelinge is

-
1. St. Court. Z.A.R. No. 25, 9 April 1858.
 2. In die St. Court. Z.A.R. No. 54, 9 Julie 1858 word verklaar: "Met die grootste verontwaardiging hebben wy moeten zien dat de lasterlyk aanspraken en uitdrukkingen van Dr. Livingstone en die zyn schoonvader, den ouden heer Moffat, tegen onse Republiek, in Couranten van Kaapkolonie weerklank hebben gevonden."
 3. St. Court. Z.A.R. No. 48, 29 Oktober 1858.
 4. R. 432/52 - Brief van Landdros van Staden, 20 September 1852.
 5. E.V.R.N. Iv, 4 Oktober 1852, Art. 9.

Sendelinge is te Rustenburg verhoor en gelas om binne 14 dae
¹
die Suid-Afrikaanse Republiek te verlaat.

Die behandeling van die twee Sendelinge is in Europa ge-
bruik om aan te toon, dat die Suid-Afrikaanse Republiek teen
²
sendingwerk was. So word in die "Maandberigt van het Nederland-
sche Zendinggenootschap" van Oktober 1853 in hierdie verband
meegedeel:

Het bepaalde doel van hunne streven is, de zendelingen uit het
hand te verdrijven en hun werk te vernietigen. ³.

In 'n digstuk van H. J. Koenen wat in 1854 in Nederland ver-
⁴
skyn het verklaar die skrywer o.a.:

Maar ach! wat schand'bedekt den schoonen naam
Van Holland, waar vanouds kloppend hart
Zoo warm voor 't woord der blije boodschap sloeg
Hoe ver is 't nakroost van der Vad'ren geest
Ontaard, verdwaald! De Boer, de harde Boer
Van 't Kaapgewest, wanneer hij onversaagd
Zijn erf bewaakt, zijn haard, zijn vee, zijn grenzen,
Ziet in 't verwilderde natuurwolk geen menschen!

Baie persone het blykbaar in Europa geglo, dat die Sendeling
⁵
vir die Boere "een lastig wezen en aanhouwend kwelgeest" is.

So skrywe G. Groen van Prinsteren in 1847:

De zendelingen zijn voor de uitbreiding hunner magt uitermate
bevreesd en achten hun zegepraal met den ondergang der zende-
lingposten gelijk. ⁶.

Die grofste onwaarhede is sonder nader ondersoek aangeneem en
verder verkondig:

Die beskuldiginge teen die Boere is deur J. Stuart in die
"Amsterdamsche Courant" van 3 November 1853 bestry, Hy het

-
1. C. state of Orange River Territory, 31 May 1853, bls.120-125
 2. Nicolaas Beets: Des Christens Schuld aan den Heidenen (1892)
bls. 19 en 83.
 3. J. Stuart: De Hollandsche Afrikanen en hun Republiek in
Zuid-Afrika (1854) bls. 265.
 4. Dr. S.P. Engelbrecht: Geschiedenis van de Nederduits Her-
vormde Kerk in Zuid Afrika (1920) Bylaag, XLI.
 5. J. Stuart: De Hollandsche Afrikanen, bls. 363.
 6. G. Groen van Prinsteren: Het Parijsche Zendelinggenootschap
werkzaam in Zuid-Afrika, veral ook in Nederland aangeprezen
waard (1847) bls. 24.

het onder die aandag van die Nederlandse Sendinggenootskap gebring, dat die Suid-Afrikaanse Republiek graag van hulle onder die Inboorlinge in die Transvaal sou toelaat, maar dat hulle nooit teogelaat wou word om vuurwapens aan die Inboorlinge ¹ te verskaf nie. Hy het ook die Nederlandse Sendelinge vermaan om zich te onthouden van alle valsche berichten, huigelarij en schijnheiligeid, die de Hollandsche Afrikanen een ieder verfoeijen. ².

Die Boere het 'n afkeer van al hierdie dinge gehad omdat hulle reeds

veel, ja zeer veel, geleden hebben door verdraaide en goddelooze Zendelingsrapporten en hunne valsche lasteringen. ³.

Nieteenstaande die handelwyse van die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap mee gewerk het "den Namen des ⁴ Missionars in diesem Lande zu einem gehassten zu machen," het die Boere nog hulle deure oop gesit vir die Morawiese Broeders, en sodra hulle verneem dat Sendelinge van Genadendal kom, is, ⁵ hulle besonderlik hartlik ontvang. Hulle het nog altyd die sendelinge lof toegeswaai

daar het gedrag en voorbeeld dier vrome christenen, verbonden met hunne naauwkeurige voorschriften strekken, om gehoorsaamheid met werkzaamheid gepaard to doen gaan, maar de stelsel die door andere genootschappen opgevolg worden, dienen alleen om van de inboorlingen eenen biddende, psalmzingende horde van moordenaars, dieven, landlopers, enz., te maken, en van hunne Zendelinge met zeer weinige uitzonderingen, doordrijvende Kaffer-handelaars. ⁶.

As die Trekkers nie teen sendingwerk was nie en alleen gevrees het vir misleiding en bedrog, hoekom het hulle nie self die taak onderneem nie? Die antwoord hierop kry ons in

1. St. Court.Z.A.R. No. 41, 24 Augustus 1858.
2. Stuart: De Hollandsche Afrikanen, bls. 366.
3. St.Court. Z.A.R. No. 34, 9 Julie 1858; Sien ook opebrief van J. Stuart aan H. J. Koenen, 30 September 1854 in Dr. S.P.Engelbrecht: Geschiedenis van de N.H.Kerk, I, Bylaag XLI.
4. D.A. Morensky: Erinnerungen aus dem Missionleben in Transvaal 1859-1882 (1888) bls. 60
5. St.Court Z.A.T. No. 34, 9 Julie 1858.
6. Dr. Gerdener: Boustowwe vir die Gesk. van die N.G.Kerk, bls. 185.

verslag van C. Hiddingh wat deur die Amsterdamse Kommissie gestuur was om ondersoek in te stel in die godsdienstige toestand van die Blanke bevolking noord van die Vaalrivier. In 1856 rapporteer hy:

Beroofd van alles, zonder onderwiziers, zonder predikanten, moesten zij zichzelven een toevlucht zoeken en hunne eigene leermeesters worden .. De Menschen klagen bitter hun nood dat zij geen predikant hebben, en als schapen zonder herder rondlopen.l.

Waar hulle nie eers in eie behoeftes kon voorsien, kon dit nie verwag word dat hulle self sendingwerk sou onderneem nie.

Die Republiek Lydenburg was ook nie teen sendingwerk nie, maar ook onder bepaalde voorwaardes. Toe Merensky en Grützner, twee sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap, by Lydenburg aankon, is hulle onder die aandag gebring, dat hulle verlof moet kry om met hulle werksaamhede aan te gaan. Die Landdrost
2
het geen beswaar gemaak nie,

nur die Bedingung stellte man dass wir dort niemals Gewehre
pulver und blei einführen oder deren Einführung begünstigen
sollten. 3.

Die sendelinge het die Boere blybaar altyd aan die handel in vuurwapens en gelykstelling tussen Blankes en Inboorlinge laat dink. Dit was omdat sekere sendelinge met hulle in verband hiermee verskil het, dat hulle altyd die beperking gestel het, dat verlof verkry moes word en dat die sendeling aan sekere voorwaardes moes voldoen. In elke geval was die beperking van so 'n aard, dat dit nie die werk van sendelinge wat hulle aandag by hulle werk wou bepaal sou strem nie.

-
1. Ds. C. Spoelstra: Het Kerklike en Gods. Leven der Boeren bls. 182.
 2. D.A. Merensky: Erinnerungen aus dem Missionleben in Transvaal 1859-1882 (1888) bls. 3 en 5.
 3. Dieselfde, bls. 8.

Die Houding van die Lydenburgse Republiek teenoor sendingwerk word saamgevat in die volgende verklaring van die Uitvoerende

1

Raad van 7 Maart 1860:

Hoewel wij sterk tegen de gelijkstelling en de geslachtsvermening van de blanke met de zwarten zijn en sulks met het ware Christendom niet strijdig of ongeoorloofd achten te zijn wen-schen wij echter, en hebben zulks in deze meermalen gezegd, dat allen Heidenen tot beschaving, en Kennis der waarheid mog-te komen - en mogt de tyd daar zijn dat goede vrugten daarvan gezien worden (zo als zij eenigen opnoemt) en dat wij hiertoe mogte kunnen bijdragen - en wij vertrouwen dat zulks geschieden zal indien de zendeling slechts getrou aan hun waarlijke roe-ping zijn en alzoo arbeiden. Dit geve de Goede God.

Toe moeilikhede op die wesgrens in 1858 ontstaan, het Moffat gevrees, dat hy beskuldig sou word dat hy vuurwapens aan vyandige naturelle verskaf het. Hy het daarom die Goewer-
2 neur om ondersteuning genader. Op 27 Januarie 1859 skrywe Sir G. Grey aan President Pretorius, dat gerugte bestaan, dat in-woners van die Suid-Afrikaanse Republiek van plan was om Kuru-
3 man aan te val. Hierop het die President geantwoord dat die Regering nie bewus was van so 'n plan van Boere nie en dat die Inwoners van die Suid-Afrikaanse Republiek wat so iets doen
4 gestraf wou word.

Die gerugte het volgens President Pretorius as volg ont-staan: Die Suid-Afrikaanse Republiek het 'n jaar gelede 'n oorlog gevoer teen die Opperhoofde Mahoera en Gasibone. Na die dood van lg. is 'n vredestraktaat gesluit wat nie deur Mahoera nagekom is nie en die Suid-Afrikaanse Republiek heeft de overtuiging, op verschillende bewijzen gevestigd, dat de sendeling te Kuruman Mahoera hebben overreeden aangeraden, het met ons gesloten vredes tractaat te schenden. 5.

-
1. L. III, 7.
 2. E. Smith: R. Moffat (1925) bls. 234.
 3. St. Court. Z.A.R. No. 77, 1859.
 4. Dieselfde.
 5. St. Court. Z.A.R. No. 77, 1859.

Verder het Pretorius onder die aandag van die Goewerneur gebring dat daar sterk suspisie bestaan het, dat Moffat die Inboorlinge van vuurwapens voorsien het. Die Suid-Afrikaanse Republiek sou heeltemal gewillig wees om ook die sendelingstasie te Kuruman te beskerm

wanneer wij de overtuiging erlangen, dat aldaar niet zaad van tweedragt tegen christenen worden aangezet; maar in waarheid het Evangelie van Christus wordt verkondigd. 1.

Die gerugte, dat die Suid-Afrikaanse Republiek 'n aanval wou maak, was vir baie persone wat nie op hoogte van sake was nie, 'n bewys van die onsympatieke verhouding teenoor die sending.

Die "Evangeliese Verbond" te Port Elizabeth het ook in hulle brief van 13 April 1859 aan die Boere, waarin hulle o.a. die saak ook aangeroer het, groot verontwaardiging verwek.²

Behalwe die beskuldiging in verband met Kuruman is die Boere beskuldig, dat hulle sendingwerk teengaan en berispe omdat hulle self nie onderneem om sendingwerk te doen nie. Op hierdie beskuldiging het Coetzer en Bührman in die "Oude Emigrant" van 3 April 1860 geantwoord³

Maar bijna allen zijn er hier voor, om het Evangelie de heiden te laten verkondigen, onverschillig of zij van Chams geslacht of van de Egijptenaren afkomstig zijn; maar wij willen dat zulks geschied onder bepaalde voorzorgen tegen bedrog en misleiding. Die leerstellinge van die sendelinge, dat die Inboorlinge bij aanneming van het Christendom gelijk staat in rang met de blanke menschen . zal en kan geen ander gevolg hebben, dan dat bekeerden en onbekeerde hoognoediger en trotscher en onttembaarder wordt als vroeger.

Verder het die Volksraad daarop gewys, dat alleen sendelinge

-
1. St. Court. Z.A.R. No. 77, 1859.
 2. Elpis Algemene Tydschrifte voor Zuid Afrika, Kaapstad 1861 bls. 62; Dr. Gerdener: Boustowwe vir die Geskiedenis, bls. 664, 665.
 3. Elpis Algemene Tydschrift voor Zuid Afrika bls. 57-66.
 4. Dieselfde.

wat nie die gesag van die Boere wou erken nie, hulle besig gehou met die handel in olifantstande, gewere en ammunisie, teen-¹ stand in die Republiek ondervind.

Die Boere is nog verder in 'n verkeerde lig gestel deur P. Huet wat allerlei valse verklaringe veral in sy geskrif: "Het Lot der Zwartes in Transvaal"¹ gemaak het. Hy was 'n voorstaander van gelykstelling² en het die beschuldiginge van die Evangeliese Verbond beaam.³ In die inleiding vir die skrif verklaar die skrywer, dat sy doel met sy skrif was om die Engelse Regering te beweeg "het gezag over de Hollandsche Republieken in handen te nemen."⁴ Hy was dus 'n egte dissipel van Dr. van der Kemp en Dr. Philip wat Britse inmenging as 'n weldaad beskou⁵ het. Hy was geneig om tot uiterstes te gaan. En omdat die Boere hom as 'n rusteloze persoon beskou, het hulle gemeen,⁶ dat hy 'n gevær vir die Suid-Afrikaanse Republiek was. Hierdie houding van die Regering teenoor hom het blykbaar sy on-simpatieke houding teenoor die Boere verskerp. Sy geskrifte het baie bygedra om die Boere in die verkeerde lig in Europa te stel.

Ons het gesien, dat die Berlynse sendelinge Merensky en Grutzner in 1859 deur die Lydenburgers vriendskaplik ontvang is. Met die vereniging van die Republiek en die Suid-Afrikaanse Republiek moes die goedkeuring van die verenigde maatskappy vir die toelating ook verkry word. Op 23 Junie 1860 besluit die

-
1. St. Court. Z.A.R. 49, 5 Nov. 1858. Beskuldiginge het in die Mercantile Advertiser weer verskyn na die aanval op Gasi-bone. Hiervan skryf die genoemde St. Court. "Het is klaarblykbaar dat gemeld extract afkomstig is van een der losbandige Zendelingen behorende tot het verfoijelike London Zendeling-Genootscap."
 2. St. Court. Z.A.R. No. 57, 31 Desember 1858.
 3. P. Huet: Het Lot der Zwartes, bls. 257-258.
 4. Dieselfde, bls. 13.
 5. Dieselfde, bls. 13. Dr. Engelbrecht: Geschiedenis van die Ned. Herv. Kerk in Zuid Afrika, II, bls. 16.
 6. Dieselfde, bls. 17.

Uitvoerende Raad om 'n Kommissie aan te stel om die saak te ondersoek. Op 2 Julie het die Kommissie die sendelinge ontmoet en artikels 6 8 en 9 van die grondwet onder hulle aandag gebring. Artikel 6 bepaal, dat vreemdelinge in die Staat toegelaat en beskerm sou word. Artikel 8 bepaal o.a. dat gehoorsaamheid aan die wette van die land verwag word, en verder:

Het volk laat de uitbreiding van het Evangelium toe onder die heidenen, onder bepaalde voorzorgen tegen gebrek of misleiding.

²
Artikel 9:

Het volk wil geene gelijkstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan, noch in Kerk nog in Staat.

Aan die sendelinge is ook kennis gegee:

dat indien zij dezelve willen gehoorzamen, hun geen verhinderingen sullen aangedaan worden om het Evangelie aan de Heidenen te verkondigen. ³.

Met die onderhandelinge was ds. P. A.C. van Heijningen versoek van die Kommissie ook teenwoordig. Met sy medewerking is besluit

om te trachten de Zendingzaak zooveel mogelijk te bevorderen in deze Republiek - en om dit goede doel te bevordenren worden overeengekomen dat genoemde V.Ew. Predikant en Zendelingen Statuten zullen opstellen waaronder zij vermenen dat de Zendingzaak overeenkomstig Gods Woord, en den bepalingen in de genoemde artikelen der Grondwet voor het vervolg geregeld en op ⁴ vasten en behoorlijken voet daargesteld en bevorderd kan worden

Aan hierdie opdrag is voldoen en 'n paar dae later is ¹⁵ artikels, "Reglement ter regeling van de verkondiging des Evangelies onder de Heidensche bevolking der Z.A. Republiek," deur die twee sendelinge voor die Kommissie gelê. Hierop het ⁵ die Kommissie besluit:

-
1. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 36.
 2. Dieselfde
 3. R. 3840/60 - Verslag van Kommissie, 7 Julie 1860.
 4. R. 3840/60 - Notule van onderhoud, 7 Julie 1860.
 5. Dieselfde.

Dat doordien Artikel 8 der Grondwet tot verschillende verkeerden opvattingen zou kunnen aanleiding geven, het door deze Kommissie, hoogst nuttig geacht wordt, om de door den Ew. Zendelingen zelve voorgestelden 12 Artikelen als algemeene Landswet vast te stellen, en dat allen later in deze Republiek zich vestigende Zendelingen onder deze wet alleen toegelaten, en overeenkomstig Artikel 6 der Grondwet erkend worden.

Die bepalinge het so in die smaak van die Kommissie gevval, omdat dit 'n samevatting van die beleid van die Boere teenoor sendingwerk was. Die drie persone, ds. van Heijningen, Merensky en Grützner, wat vir die artikels verantwoordelik was, was nie ou inwoners van die land nie. Ds. van Heijningen is in 1858 uitgestuur deur die Amsterdamse Geestelike Kommissie en in Februarie 1859 het hy in Lydenburg aangekom.¹ In Maart 1859 het die ander twee in Kaapstad geland.² Hulle moes dus eers uitgevind het wat die Boere van die sendeling verwag het, voor hulle die artikels kon opstel.

Drie van die artikels handel oor die kwessie van gelykstellung en het o.a. bepaal:³

De zendelingen achten de burgerlike gelijkstelling van kleurlingen en blanken geheel en alleenlik afhanklik van den Staat.

Hulle moes ook erken:

het regt der bevolking om den kleurlingen te ontzeggen het gebruik van en den toegang tot de kerkgebouwen der Ned. Geref. gemeente Zoolang immers de gemeente dat verbod willen handhaven.

Hierdie verhouding moes hulle nie alleen erken nie, maar met woord en daad dit vir die Inboorlinge leer.

Hulle moes die Inboorlinge leer om die staatsgesag te respekteer, en nie toelaat nie dat diensbode hulle op die sendingsstasie gaan vestig voor hulle dienstyd verstrekke was.

Die vrees vir die sendeling-handelaar word ook hier,

-
1. Prof. Dr. S.P. Engelbrecht: Geschiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika (1936), bls. 199.
 2. D.A. Merensky: Erinnerungen aus dem Missionleben in Transvaal 1859-1882, bls. 3, 5.
 3. R. 77/66- Kopie van 15 Artikels.

- 239 -

1
openbaar:

De Zendelingen verklaren den handel met Krijgsbehoeften waar de wetten van den Staat dezelve verbieden voor onvereenigbaar met de roeping des Evangelie-predikers onder de heidenen.

Geen Stasies sou sonder die toestemming van die Regering in die Suid-Afrikaanse Republiek toegelaat word nie, en die die wat toegelaat word moes die wette van die Republiek eer-biedig. As die sendelinge aan die voorwaardes voldoen onthoudt (de Regering) zich van alle bemoeijing met de verkon-diging der Evangelies als zoodanig, 2.
en belowe die Regering om die sendelinge te beskerm "gelyk een christelike overheid betaamde."

Die onderhandelinge van die Kommissie en die 15 artikels
3
is deur die Uitvoerende Raad op 24 Julie 1860, goedgekeur. In September het die Volksraad ook hulle goedkeuring aan die saak
4
geheg.

Hiermee was die sendingssaak in 1860 nog nie afgehandel nie,
Terwyl die Volksraad in September 1860 sitting geneem het, was
5
daar ook 'n algemene Kerkvergadering te Pretoria. Uit die beskikbare gegewens blyk dit, dat daar onderhandelinge tussen die Regering en die Kerkvergadering in verband met die saak plaas gevind het. Die notule van die Kerkvergadering en die meeste van die briewe in verband met die saak het verlore ge-raak. Dit blyk egter, dat die Kerkvergadering duidelikheid verlang het in verband met die houding van die Regering teenoor sendingwerk. Die Goewernementssekretaris het die Kerkvergader-verwys na die voorgenoemde artikels 8 en 9 van die Grondwet.

-
1. R. 77/66- Kopie van 15 Artikels.
 2. Dieselfde.
 3. U.R.B. 24 Julie 1860, Art. 2.
 4. V.R.N. September 1860, Art. 134.
 5. Sien Prof. Dr. S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk (Pretoria, 1936), bls. 202.

Om dan aan te toon, dat die Regering werklik nie teen sending-
¹
werk was nie, verklaar hy:

En tot overtuiging, dat dit (die Bepalinge van die Grondwet)
slechts niet ijdele woorden zijn dient dat er thans alreeds
4 duitsche zendelingen binnen onze Republiek tot dat einde
onder de heidenen werkzaam zijn. ².

Die Kerkvergadering het blybaar daarop aangedring, dat
die Volksraad sy houding teenoor die sending saak duideliker
as in die grondwet sou omskrywe. Op 10 September 1860 is die
kwessie weer in die Volksraad bespreek. 'n Kommissie van drie
lede is aangestel om die saak te ondersoek en daaroor te rap-
³
porteer. Hierdie Kommissie het op 26 September 1860 7 artikels
"Maatregelen van voorzorg tegen bedrog en misleiding in de Uit-
breidung van het Evangelie onder de Heidenen," voor die Volks-
⁴
raad gelê. Die artikels is goedgekeur.

Die 7 artikels het geen belangrike verandering in die be-
leid van die Suid-Afrikaanse Republiek teenoor sending werk
openbaar nie. Die belangrikste verandering was, dat sendelinge
⁵
alleen toegelaat sou word op versoek van die Inboorlinge self.
Miskien onder invloed van die Kerkvergadering is nou ook bepaal
dat die sendelinge aan die eise van artikel 21 van die grondwet
⁶
moes voldoen. Geen Katoliek of Protestant wat nie aan die eise
van die Heidelbergse Catechismus voldoen het nie, sou dus toe-
⁷
gelaat word.

Verder is die ou bepalinge van die Boere, dat die sendel-
inge alleen met die toestemming van die Regering hulle

1. Kopie van Brieven Boek 1860, No. 241 - 8 Sept. 1860.
2. Hier bedoel hy die Hermanburgse sendelinge wat op versoek
van die Boere hulle by Setsjelie gevestig het. R. 182/63
Brief van dr. A. Hardeland aan Jansen van Rensburg, 16/6/1863
3. V.R.N. 10 September 1860, Art. 127.
4. V.R.N. 26 September 1860, Arts. 132, 133.
5. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 143, Art. 1.
6. Dieselfde, Art. 2.
7. Art. 21 van Grondwet van 1858, Locale Wetten Z.A.R. 1849-
1885, bls. 37.

- 241 -

in die Republiek kon vestig en die wette van die land moes ge-
¹
hoorsaam, opnuut bekragtig.

Merensky het met volle toestemming van die Volksraad na
²
Maleo vertrek om daar goed ontvang te word. Kommandant-
P. Nel en sy Veldkornet het hom vergesel na Maleeu en die plek
aangewys waar hulle die eerste Berlynse sendingstasie, Gerlachs-
³
hoop, aangelê het.

Nieteenstaande Kommandant Nel aan Maleeu laat weet het:
Eers moet jy vir my dood maak, dan vir Holtsthuizen en dan kan
jy die sendeling wegja, ⁴
het die opstandigheid van die volgelinge van Maleeu die send-
⁵
ingwerk hier baie gestrem. Dit was waarskynlik daarom, dat
Merensky met twee ander sendelinge, Endemann en Nachtigal wat
hy hom in 1861 aangesluit het, verder noordwaarts getrek het
⁶
en onder die Bapediestam 'n nuwe sendingstasie aangelê het.
Gerlachshoop was egter intussen tyd nie heeltemal verlaat nie.

In 1864 is Maleeu aangaval deur die Swasies en byna die
hele stam uitgemoor. Na hierdie aanval het dit vir 'n tydjie
gelyk asof die sendingwerk gaan vorder, maar onderlinge moorde
tussen die verskillende stamme het voortgeduur, sodat die
sendelinge in 1865 met die res van die stam te Botsabelo- naby
⁷
die teenwoordige Middelburg - hulle gaan vestig het. Botsabelo
is aan hom verkoop en daar het die sendingwerk betreklik on-
gelukkig gevorder. Van 1865-1875 was daar nie minder dan 14
stasies van die Berlynse Sendinggenootskap in die Suid-

-
1. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 143.
 2. R. 3756/60.
 3. Merensky: Erinnerungen aus dem Missionleben bls. 22.
 4. Dr. Wnagemann: Süd-Afrika und seine Bewohner (1881) bls. 43.
 5. Merensky: Erinnerungen aus dem Missionleben, bls. 39.
 6. L. IV, 12 - Dagboek van Landdros van Lydenburg, 17 Augustus 1861; J. du Plessis: History of Christian Missionaries, bls. 345.
 7. Merensky: Erinnerungen aus dem Missionleben, bls. 22.

- 242 -

Afrikaanse Republiek toegelaat nie.
¹

Toe die Boere sien, dat Merensky nie die Kaffers opstandig maak nie, en hom by sy sendingwerk bepaal, het hulle goed met hom oor die weg gekom.
² Hy het ook baie daartoe bygedra om die vertroue van die Boere in die sendelinge te sterk. Geen wonder dus dat toe Dr. Wangemann in 1866 Pretoria besoek het, die President die Berlynse Sendelinge as "nuttige Menschen"
³ bestempel het.

Die Hermanburgse Sendinggenootskap wat op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse Republiek hulle werkzaamhede hier aanvaar
⁴ het, het intussen 'n reeks stasies van Pretoria na die Wesgrens van die Republiek gestig, met Bethany, /wat 20 myl wes van
⁵ Pretoria aangelê was) as hoofstasie.

In 1860 het daar 'n besonder sterk drang by die gemeentes van Worcester, Paarl, Mantagu en Wellington ontwikkel vir sendingwerk in die binnelande. Dr. Robertson is na Europa afgevaardig, om daar sendelinge en onderwyzers te probeer vind Gonin en McKidd, die eerste 'n Switser en die tweede 'n Skot

-
1. J. du Plessis: History of Christian Missionaries, bls. 348 - Die Stasies was: Matlale, Botschabelo en Makapaanspoort (1865), Pretoria en Lydenburg (1866), Modimolle (Waterberg) en Melokong (1867), Blouberg (1868), Potchefstroom en Shewase (1872), Shakoma (1874), en Heidelberg 1875. In 1880 verklaar Merensky dat daar 20 stasies in die Suid-Afrikaanse Republiek was wat aan die Berlynse Genootskap behoort het. (C.2740, bls. 90. Sien ook V.R.N. Februarie 1866, Art. 295)
 2. C. 2374, bls. 76 - Merensky aan Sir B. Frere, 1 Mei 1879
 3. R. 37/64.
 4. R. 182/63 - Dr. Hardeland aan Janse van Rensburg, 16 Julie 1863.
 5. Dr. Wangemann: Süd Afrika und seine Bewohner, bls. 44.

het hulle die versoek om na Suid-Afrika te kom laat welgeval.¹

Na sy aankoms in Suid-Afrika het Alexander McKidd hom naby die noordgrens van die Suid-Afrikaanse Republiek, onder die volk van Michael Buys, gevestig. Frans en Cornelis Lottering het hom grond aangebied, maar omdat daar nie water op was nie, het hy vir hom 'n plaas gekoop. Stefanus Hofmeyer het kort na hom (1863) uit die Kaapkolonie vertrek en by hom aangesluit.² Ongelukkig het die twee sendelinge hulle nie net by sendingwerk bepaal nie. McKidd het hom die reg aangemag om blanke kinders te doop en Hofmeyer het probeer om 'n gemeente op te bou uit ontevredenes en gecensureerde blankes.³ Hierdie onreelmatighede van die twee sendelinge het weer ontevredenheid verwek.

Ds. Gonin het in 1861 ook na Suid-Afrika vertrek en hom na Rustenburg begewe. Van Paul Kruger het hy verlof gekry om sendingwerk onder die Kaffers van Makapan te begin. Kruger het sy blydschap te kenne gegeen oor die komst van die nuwe sendeling, en aan hom 'n plaas vir die doel vry afgestaan. Na Gonin 'n bietjie Afrikaans en Kaffertaal geleer het, het hy hom te Soulspoort gevestig.⁴

In 1861 vind daar in die Suid-Afrikaanse Republiek weer iets plaas wat taamlik breedvoerige besprekings in sekere kringe uitgelok het. Frederik Weyers is deur die Kleurlinge te Potchefstroom gevra om vir hulle te preek. Hy is gewaarsku dat hy dit nie mag doen nie voor dat hy verlof daartoe gekry het. Hy het hom aan die waarskuwing nie gesteur nie en is beboet met Rds. 10. Toe hy nog met sy verrigtinge voortgaan, is hy met Rds. 340 beboet. Die Kristelike Konferensie wat op 17

1. Eerw. Dreyer: Eeuwfeest Album van de Ned. Ger. Kerk, (1910 bls. 41.
2. S.N. 27, 1520/94 - Brief van Hofmeyer, 9/10/'94.
3. Prof. Dr. S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, bls. 197, 198, 251-252.
4. Eerw. Dreyer: Hist Album van Ned. Geref, Kerk (1910) bls.41.

- 244 -

en 18 Oktober 1861 te Ladysmith plaasgevind het, het baie oor die saak te sê gehad. Hulle het £21 ingesamel om te help om die "onregverdige" boete te betaal, en die Suid-Afrikaanse Republiek het 'n "broederlike vermaning" ontvang.¹ Die hele moeilikheid is net veroorsaak deur die koppigheid van Weyers en sy volharding om nie die wette van die Republiek te gehoor~~e~~ saam nie. Dit was nie die minste bewys dat die Suid-Afrikaanse Republiek nie simpatiek teenoor die sendingsaak gesind was nie. 'n Soortgelyke geval het in 1874 plaas gevind. 'n Seker L.S. de Beer het ook probeer om 'n gemeente te stig, sonder om die Regering daarvan kennis te gee.² Ook in die geval het die Volksraad besluit om de Beer nie met sy werkzaamhede te laat voortgaan nie.³ Hulle was dus vas beslote om die besluite van 1860 deur te voer.

Die Boere kon in die sestiger jare self nog nie onderneem om sendingwerk te doen nie. Gevolglik besluit die Ned. Geref. Kerk in Desember 1866 om

buiten de verkondiging des Evangelies in den huislijken kring voorlopig meer te moeten bepalen bij de ondersteuning van de bestaande zendelingen onder de heidenen, vooral voor de Zendeling Commissie der Nederduitsch Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie dan bij selfstandigen arbeid.⁴

-
1. Ds. C. Sploestra: Het Kerklike en Godsdienstige Leven der Boeren, bls. 249 - 253.
 2. V.R.N. 18 November 1874, Art. 270.
 3. V.R.N. 3 Mei 1875, Art. 56: U.R.B. 9 Maart 1875.
 4. Ds. C. Spoelstra: Het Kerklike en Godsdienstige Leven der Boeren, bls. 329. Besluite Algemene Vergadering Ned. Geref. Kerk, 7 Desember 1866.

Die goeie verhouding wat daar ontwikkel het tussen die verteenwoordigers van die Ned Geref. Kerk van die Kaapkolonie en die Boere, het die sendingsaak verder bevorder. By die derde Algemene Kerkvergadering wat te Poschefstroom plaasgevind het op 28 Desember 1868 word deur die vergadering verklaar:

Zij gevoelt de verantwoording die er op onze Kerk rust om soveel mogelijk zijn (Ds. Gonin) handen te sterken in zijn werk, en wenscht hem Gods besten zegen toe, op zijne arbeid onder de heidenen. 1.

BESLUTT: Van die vroegste dae af was die houding van die Trekkers teenoor die sending taamlik duidelik. Teen die uitbreiding van die Evangelie onder die heidene was hulle nie. Wat hulle nie wou toelaat nie was die politieke sendeling, wat gepleit het vir gelykstelling, wat vuurwapens aan die Naturelle verkoop het en hulle opstandig gemaak het, en as daar botsings met die Naturelle bestaan het, en as daar botsings met die Naturelle bestaan het, die karakter van die Trekker swart gesmeer het in die Nuusblaaie in Suid-Afrika en in die Buitewereld, en wat hulle nie aan die wette van die Republiek wou onderwerp nie. 4

Selfs sendelinge wat deur die Republiek gereis het is simpatiek ontvang. In die begin van 1884 vra Eerw. Coiller om vrystelling van invoerbelasting op goed wat deur die Suid-Afrikaanse Republiek gevoer moes word. Hierop het die Uitvoerende Raad besluit:

vooral met het oog op zijn zending, die van een Strikt Evangelischen aard is en op zijne gegeven verklaring, dat de betaling van invoerrechten in dezen Staat op die goederen, waarvoor reeds door hem invoerrechten zijn betaald in England, Natal en andere Kolonien van Z. Afrika, Zew. van de betaling

-
1. Dr. Gerdener: Boustowwe, bls. 341.
 2. Spoelstra: Het Kerklike en Godsdienstige leven der Boeren bls. 233.
 3. S1N. IX, 303/83.
 4. R. 784/63: Merensky: Erinnerungen aus dem Missionleben bls. 1.

van de aan deze Staat verschuldigde invoerrechten vrij te stellen ten einde de uitvoering van zijnde zending onder de Heidenen te vergemakkelijken en mogelijk te maken. 1.

Dat hulle self nie dadelik met sendingwerk begin het nie, moet ons veral daaraan toeskryf, dat hulle vir 'n lang periode nie in hulle eie geestelike behoeftes kon voorsien nie, en ander sake soos kafferoorloë en burgergeskille ens. die aandag geeis het. Verder het hulle voor die moeilikheid te staan gekom dat hulle nie geskikte persone vir die doel kon kry nie.²

Van regeringswee³ is, soos aangetoon reeds in die vyftiger ja^m pogings aangewend om sendelinge vir Setsjelie te kry. In 1864 het President Pretorius probeer om die geestelike belang van die Kleurlinge te Potchefstroom te bevorder en J. Ludorf genader en hom versoek om die Wesliaanse Kerk te vra om in die gebrek te voor sien. Op 24 Augustus 1864 gee J. Ludorf kennis, dat hy deur die genoemde Kerk aangestel is om die pligte te vervul, en op 31 Augustus vra hy die Uitvoerende Raad om die nodige beskerming om die pligte kant uitvoer.⁴

Aansoeke vir sendingstasies is aa 'n reel toegestaan, maar altyd op voorwaarde dat hulle die wette van die land gehoorsaam sal wees, en hulle bes sal doen om die Kaffers "zooveel mogelijk tot onderdanigheid aan het Gouvernement der Z.A.R. te brengen."⁵ Selfs Kafferleeraars is toegelaat, maar

-
1. U.R. VI U.R.B. 4 Februarie 1884, Art. 38.
 2. Notule van Ned.Geref, Kerk 4 Junie 1877. Dr. Gerdener: Bou stowwe, bls. 363.
 3. R. 678/64.
 4. R. 689-64 - Brief van J. Ludorf 31 Augustus 1864.
 5. U.R. II, U.R.B. 16 Maart 1865, Art. 2; U.R.B. 28 Maart 1865, Art. 69; S.N. 9, 303/83; S.N. 10, 214/83; S.N. 23, 1085/93, R. 189/65. In Desember 1874 is die aansoek van die Paryse Sendinggenootskap geweier omdat hulle "Zich te veel met politiek aangelegenheden inlaten, het welk nadeelige ge volgen zoude kunnen te weeg brengen in de uitbreiding van het Evangelie reeds begonnen door andere genootschappen." U.R.B. 8 Desember 1874.
 6. U.R. II, U.R.B. 16 Maart 1865 Art. 2: U.R.B. Augustus 1861, Art. 21; 17 Junie 1873, Art. 40; 6 Junie 1867, Art. 5; 31 Augustus 1875, Art. 129.

maar hulle sou soos gewone Inboorlinge in die Staat behandel
¹
word.

Baie van die sendelinge het ook goeie dienste, behalwe sendingwerk verrig. Sommige van hulle het baie onder die Blankes gedoen as medicie, soos b.v. Merensky en Grütberger. Vir 'n kaart wat hy vervaardig het, het Merensky 'n plaas van die Regering ontvang. Beuster (by Shewase) het 'n wapad op sendelingskoste na die Bawende Kaptein gebou, wat as handels weg baie beteken het. Nachtigal het diens gedoen as velddokter in die leer van die Republiek in Sekoekoenieland. Sendeling Bauling het goeie dienste gelewer met die verdediging van Lydenburg. En baie van hulle het die Staat getrou bygestaan in verband met die administrasie van Naturelle sake, en hulle in-
²
vloed gebruik om rus en orde te handhaaf.

Die aktiwiteite van die politieke Sendelinge, soos Livingstone, Moffat en Ludorf het as gevolg gehad dat herhaaldelik van buite af ingemeng is in die Naturelle-beleid van die Republiek. Dit het miskien die Boere aangespoor om versigtig te wees om die persone nie grond te gee vir hulle klagtes nie, maar veral op die wesgrens tot onnodige moeilikheid met die Inboorlinge geleei. Sommige van die Sendelinge het die kant van die Inboorlinge gekies waar daar geskille tussen die Boere en Inboorlinge ontstaan het. Hierby het hulle die Inboorlinge op Britse inmenging laat hoop en hulle aangeraai om hulp by die Kaapkolonie te vra. Hierdeur het Sendelinge die Inboorlinge meer opstandig gemaak. Gelukkig was daar maar 'n paar sendelinge wat hulle hieraan skuldig gemaak het.

-
1. S.N. 10, 214 Brief van Staatsprokureur, 18 April 1884.
 2. Dr. Wangemann: Süd Afrika, bls. 45.

S L O T.

Wanneer ons die Naturelle-beleid van die Suid-Afrikaanse Republiek nagaan, moet ons onthou, dat ons die eerste jare te doen het met pioniergeselskappe wat in die binneland ingetrek het met die doel voor oë om hulle daar te gaan vestig.

Hulle het in die eerste plek grond vir bewoning nodig gehad. Dit het hulle verkry deur hulle in ontvolkte streke te gaan vestig, tweedens deur ooreenkomste met stamme wat aanspraak op grond kon maak, te sluit en Silkaats oor die Limpopo te verdrywe.

Die Inboorlinge met wie die Trekkers in aanraking gekom het, het bestaan uit verspreide groepies vlugtelinge, die reste van stamme wat deur die Nantatie, Tsjaka en Silkaats uitgemoor en verdrywe is. Dan was daar die stamme wat in die ruigste skuilhoeke in die berge of Kalaharie skuiling gevind het teen die plundertogte van voorgenoemdes. Vir hulle was die koms van die Blanke ook 'n ware uitredding. Hulle het hulle geredelik onder die beskerming van die Boere geplaas. Verder was daar die stamme soos die Swasies en Soeloes wat as sterk buurstate van die Republiek bestaan het.

Die eerste groep (die verspreide vlugtelinge) het hulle gaandeweg in die nabyheid van die Blankes gaan vestig en indiens van die Blankes getree. Die Boere het hulle verwelkom, omdat hulle arbeiders op die plase nodig gehad het. Om kontrole oor die Inboorlinge uit te oefen is hulle onder die toesig van die Veldkornette geplaas. En om te voorkom dat hulle 'n las vir die Blanke word deur doelloos rond te swerf is pasregulasies uitgevaardig.

Omdat die gevaar om deur naburige stamme aangeval te word verminder het, het een van die belangrikste motiewe om die stameenheid te bewaar, verdwyn. Gevolglik het baie Inboorlinge hulle stamme verlaat om in die nabyheid van Blankes te gaan woon ¹ in die getalle van Inboorlinge buite stamverband te vergroot. Hierdie Inboorlinge het nie altyd in diens van die Blankes getree nie. Die arbeidsprobleem is nie hierdeur opgelos nie. Op sekere plase het groot hoeveelhede Inboorlinge vergader, wat 'n gevaar vir die publieke veiligheid en gesondheid geword het. ² In die tagtiger jare is deur baie Blankes beswaar teen die plakkery van Inboorlinge op privaat plase by die Volksraad ingedien. ³ Die Volksraad het gevoglik in Julie 1887 'n Plakkerswet goedgekeur, om die euwel te bestry en die Boere van arbeiders te voorsien. Nieteenstaande die wet in 1895 gewysig is, om sommige tekortkominge te verbeter, kon dit nie gedurende die 19e eeu konsekwent deurgevoer word nie. Sommige Naturelle Kommissarisse het beweer, dat lokasies eers afgebaken moes word voor die wet uitgevoer kon word. ⁴ Groot krale was dikwels in sulke sake betrokke en die amptenare moes versigtig wees om botsings te vermy. ⁵ Waar Inboorlinge aangesê was om te trek, het hulle dikwels nie by ander burgers gaan woon nie, maar hulle op onbewoonde grond gaan vestig. ⁶ Die Inboorlinge wou ook nie, dat amptenare vir hulle aandui waar om te gaan woon nie. ⁷ Blankes het die uitvoering van die wet vertraag, omdat dit in baie gevalle voordelig vir hulle was om meer dan die bepaalde

1. V.R.N. 18 Augustus 1884, Art. 162, 163.
2. V.R.N. 18 Augustus 1884, Art. 163; V.R.N. 4 Mei 1885, Art. 381; V.R.N. 6 Augustus 1886, Art. 1321, 1322.
3. V.R.N. 28 Julie 1887, Art. 1335 en 1358; U.R.B. 28 Julie 1887; Volkstem 8 Augustus 1887, 8 September 1887, 15 Sept. 1887.
4. S.N. 17, 805/89; S.N. 78 - Sirkulêre 12 Sept. 1887; S.N. 167/92 - Briefe van 21 Jan. 1892, 15 Maart 1892, 8 Junie.
5. SN. 18, 49/91, brief van Nat. Kommissaris 2 Jan. 1891; SN. 20, 1890/94.
6. V.R.N. 1 Julie 1891, art. 640.
7. SN. 22, 461/93 verslag van Nat. Kommissaris, 12 April 1893 SN. 351/93, verslag van 26 Maart 1893; SN 425/93, verslag van 31/3/93.

- 250 -

aantal plakkers (vyf huisgesinne) aan te hou.¹ Dan was daar nog die Kompanjies plase in die noordelike dele van die Republiek, waarop groot hoeveelhede Inboorlinge vergader het. In 1899 is daar weer 34 memories met 1155 naamtekeninge voor die Volksraad geleê, waarin vir die uitvoering van die wet gevra is.³

Die onstamde Inboorlinge het dan wel tot seker mate in die arbeidsbehoeftes van die Blankes voorsien, maar 'n moeilike probleem vir die Republiek gebly.

Die Republiek moes ook Vir die stamme binne sy grense voor-siening maak. Die Krygsraad het reeds in 1851 besluit om woon-⁴ plek vir die stamme aan te wys wat hulle kon bewoon "zoolang zij zich volgens wet en gehoorzaam gedragen. Niteenstaande die saak weer herhaaldelik bespreek is, en die Volksraad in 1876 besluit het⁵

de localiteiten der grootere kafferstammes zullen door de Re-gering zooals voor hen bestaanbaar zal zijn, worden aangewezen en bepaald,

is daar voor 1877 nie een lokasie behoorlik afgebaken nie. Die Pretoria-Konvensie van 1881 het bepaal dat 'n Lokasie-Kommissie gevorm sou word wat lokasies vir die groot stamme sou afbaken.⁸ Die Lokasie-Kommissie het met baie moeilikhede te kampe gehad wat die Republiek kon voorkom het deur van die begin af sistematies lokasies aan die groot stamme af te baken. Die stamme het uitgebrei een gaandeweg hulle sterk genoeg gevoel om hulle kragte met die Republiek te meet. Die poging van die Republiek om die lokasies van Nisbel, Malabog en Mpefu af te baken

-
1. V.R.N. 1 Julie 1891, Art. 640, S.N. 22, 508/93; SN.22 by 351/93 verslag van 27 Maart 1893.
 2. SN. 22, 412/93, verslag van Naurelle Kommissaris, 1 April 1893.
 3. V.R.N. 1899, Art. 1388-1394.
 4. R. 356/51.
 5. V.R.N. 28 November 1853, Art. 124.
 6. St. Court.Z.A.R. No. 256. Oktober 1866
 7. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, Wet No. 6, 1876.
 8. Dieselfde bls. 1007.

het dan ook tot oorlog gelei, omdat die kapteins geweier het
¹
om dit toe te laat. Die moeilikhede het die werk van die
Lokasie-Kommissie vertraag. Toe die oorlog uitbreek was die
werk van die Kommissie nog nie voltooi nie. Op 19 Augustus
1905 is 'n kommissie aangestel deur die Kroonkolonie Regering
om die bestaande lokasies te ondersoek, die aanspraak van die
Kapteins of beloftes deur die Republiek gemaak na te gaan en
te sien of daar nog Kapteins was wat volgens die Konvensie
van 1881 aanspraak op 'n lokasie kon maak. In Mei 1907 het die
Kommissie verslag gedoen en volgens die aanbevelinge van die
Lokasie-Kommissie van die Republiek en die laasgenoemde Kommissie
³
is die lokasies van die Transvaal uitgemeet.

Die grootte van die Lokasies is deur die Republiek bereken
volgens die vrugbaarheid en draagkrag van die grond. Ses tot
²
twaalf akkers is toegestaan vir elke huisgesin. Die Republiek
wou genoeg grond aan die Inboorlinge verskaf om 'n bestaan te
kan maak, maar hulle het besef dat die lokasies nie vir altyd
groot genoeg sou bly nie. So verklaar President Kruger in 1888;
als er evenwel een zekere uitgestrektheid grond voor een locatie
is toegekend blijft ⁴het daarbij, word de grond later voor de
naturellen te klein, dan moeten ze maar even als blanken doen,
bijwoners worden of het land verlaten.

Met die Naturelle buurstate het die Republiek op vriend-
skaplike voet verkeer totdat invloede van buite die goeie ver-
houding versteur het. Selfs waar Inboorlinge aanspraak gemaak
het op gebied wat die Boere graag in besit wou neem, het hulle
nie aanvallend opgetree nie, maar deur ooreenkoms met die
Inboorlinge te sluit probeer om die gebied in besit te kry.

-
1. SN. 121, Notule van die Lokasie Kommissie 3 Okt. 1882; R. 5627/82; U.R.B. 11 Okt. 1882; R. 2423/82; SN. 105, bls. 562 - Brief van Supt. van Naturelle; Volkstem 18 Oktober 1882; Transvaal Advertiser 10 Des., 30 Des., 1882; R. 4598/83; E.V.R.N. 1894, Art. 62, SN. 109 - Brief van die Supt. van Naturelle aan Uitv. Raad; R. 4823/94; R. Wessman: The Bawenda of the Spelonken, bls. 116; SN. 13 - 1887; Groenboek Z.A.R. No. 17, 1899. bls. 6.
 2. H. Rogers: Native Administration, bls. 119.
 3. U.R.B. 26 Sept. 1882, Art. 314; SN. 121, Art. 15; SN. 121, 5 November 1885; SN. 22-1893; St. Court. Z.A.R. No. 247, Okt. 1885.
 4. V.R.N. 1888, Art. 187.

Deur hierdie beleid te volg het die Suid-Afrikaanse Republiek daarin geslaag om op 1 Julie 1875 'n ooreenkoms met die Swasies te sluit waardeur die Inboorlinge onderdane van die Republiek geword het. En nieteenstaande die Pretoria en Londen-Konvensies die Swasies onafhanklik verklaar het, het die goeie verhouding tussen die Boere en die Swasies bly voortbestaan.¹

Op die Soeloegrens is daar egter in die sestiger jare reeds gerugte versprei, datdie Soeloes 'n vyandige houding teenoor die Republiek openbaar het. Hoewel daar nie gegronde redes is om aan te neem, dat die Soeloes die Republiek sou inval, is die Soeloesgevaar deur Shepstone voorgehou om die anneksasie² van die Transvaal te regverdig.

Nieteenstaande die Suid-Afrikaanse Republiek aan die Luit-Goewerneur van Natal in Maart 1865 kennis gegee het van die³ ooreenkomste met die Soeloes, het Shepstone voor die anneksasie gemaak of daar niks van geweet het nie. Aan die Britse Regering het hy meegedeel, dat die Boere besig was om grondgebied van die Innoorlinge op 'n onwettige wyse in besit te neem.⁴ Na die anneksasie het hy skielik uitgevind dat die Boere wel⁵ aanspraak op die betwiste gebied kon maak. Aan die ander kant het hy die Soeloes teen die Boere opgestook. Hy wou die "Soeloegevaar" gebruik om die Boere in Pretoria te dreig. Net soos in die geval van Sekoekoenie, het hy hier ook met vuur gespeel. In Junie 1877 het Shepstone aan Ketswajo laat weet, dat die⁶ Britse Regering die Transvaal geannekseer het. Op 19 Julie 1877 skryf Sir Henry Bulwer aan Lord Carnarvon, dat Ketswajo nie meer gunstig gesind was of miskien nooit so vyandig gesind was teenoor die Britse Regering:

... his temper of mind is such that he is quite prepared to fight, not merely to defend himself and his authority as an independent King, but to fight upon the slightest provocation, re-----

1. C. 6200, bls. 110, 111; C.5089, bls. 23-25.
2. Die saak word breedvoerig bespreek deur Dr. S.P. Engelbrecht Thomas F. Burgers, bls. 311-330.
3. C. 1961, bls. 23.
4. C. 1961, bls. 44.
5. C. 2079, bls. 54.
6. C. 1961, bls. 44.

- 253 -

1

gardless of all consequences.

Teen die einde van 1878 was Ketswajo vasbeslote om te veg en in
3 Januarie het die stryd losgebrand. Op 11 Januarie 1879 het v

Sir Bartle Frere kennis gegee dat die Britse Troepe Soeloeland binne getrek het en wanneer die oorlog ge-eindig is

zal het Britsche Gouvernement de beste schikkingen in dezelfs magt, treffen voor het toekomstige goede bestuur van de Zuluz in hun eigen land in vrede en rust, en zal het niet bedoogen dat het dooden en de verdrukking die zij van Cetswayo hadden te verduren, blijve voorduren. 4.

Imperialistiesgesinde Britse verteenwoordigers in Suid-Afrika en Engeland het die beleid van die Suid-Afrikaanse Republiek teenoor die Soeloes streng veroordeel omdat hulle bewus was van die streve van die Suid-Afrikaanse Republiek om
5 die see te bereik. Die beleid van dieselfde imperialiste het ook hier ernstige gevolge gehad en net soos in die Transvaal moes 'n ernstige oorlog gevoer word, voordat die moeilikhede tydelik be-eindig kon word.

Die "swakheid van die Republiek" het Shepstone voorgehou as 'n groot gevaar vir die Britse besittinge in Suid-Afrika. Die Boere het egter herhaaldelik daarop aangedring dat die verskillende regerings in Suid-Afrika moes saam werk wat hulle
6 Naturelle-beleid aangaan. Hierdie voorstelle is van die hand gewys omdat die imperialistiesgesindes die Naturelle beleid van die Suid-Afrikaanse Republiek as aanknopingspunt wou gebruik om Britse gebied in Suid-Afrika uit te brei. So het die Boere herhaaldelik vrugtelose versoek aan die Kaapse Regering gerig om die handel in vuurwapens met die Inboorlinge te belet, omdat dit juis die beleid van Barkly, e.a. was om die Inboorlinge te bewapen en so die Suid Afrikaanse Republiek te ver-

-
1. C. 1961, bls. 35. 69
 2. C. 2242, bls. 12; C.2318,bls.54;C.2367,bls.13;C.2316,bls.
 3. Tvl.Gvt. Gazette, No.111, 3 April 1879, K.G.No. 38.
 4. Tvl.Gvt. Gazette, No. 98,23 Januarie 1879,K.G.No. 9.
 5. C. 4141, bls. 17.
 6. U.R.B. 13 Augustus 1875, Art. 155.

1
lig om Britse beskerming aan te neem.

Een van die redes waarom die Trekkers die Kaapkolonie verlaat het, was omdat hulle nie van hulle lewe en eiendom seker was op die oosgrens nie. Hulle was vas beslote om - soos Piet Retief in sy instruksies aan die Kommandant in 1837 verklaar het - die vuurwapen te gebruik waar die noodsaaklikheid hulle

2
dwing om dit te doen.² Die trekkers het egter nie oor 'n staande leer beskik nie. As hulle uittrek moes hulle hulle familiës en eiendom onbeskerm agterlaat. Hulle sou dus nie vir ongegronde redes 'n kommando oproep nie en het alles in
3
hulle vernoe gedoen om botsings te vermij.³ Waar daar egter sulke gruwelik moorde soos die Makapan- en Mapela-moorde van 1854 plaasgevind het, was die Boere verplig om die skuldiges gedug
4
te straf.⁴

Onderlinge verdeeldheid tussen die Boere in die vyftiger jare en die begin van die sestiger jare het strafekspedisies moeilik gemaak en die Inboorlinge 'n kans gegee om hulle self te verstrik. In 1866 het die Inboorlinge in Soutpansberg so opstandig geword,⁵ dat die Blankes Schoemansdal moes verlaat. In Januarie 1868 is Potgietersrust ook aangeval, huise afgebrand
6
en landerye verwoes.⁶ Gevolglik het die Republiek in Junie 1868 weer 'n kommando uitgestuur.⁷ Teen die einde van 1868 is vrede
7
8
weer herstel.⁸

Baie soortgelyke moeilikhede kon die Republiek niskien voor-
kom, as dit vir hulle moontlik was om van die begin die Inboor-

-
1. C. 414, bls. 12 en 22.
 2. Preller: Piet Retief, bls. 376.
 3. Schiel: 23 Jahre Sturm und Sonnenschein in S.A., bls. 272
 4. Aan opstandiges is "allen vrede en vriendschap" aangebied, maar "wanneer hij niet als een vriend ten voorschijn komt, alle de onheilen die daaruit kunnen gebooren zullen worden ter zijner verantwoording en naadelle zullen uitloopen want dat alle kosten op sijne beurt worden gebragt!" R. 291/51.
 5. R. 416/66, R. 506/66; R. 559/66.
 6. R. 1666/68, No. 26.
 7. R. 1665/68.
 8. R. 531/68; R. 1666/68, No. 20; R. 1192/68.

linge onder direkte toesig te plaas. Dit was egter vir die pioniergeselskappe onnoontlik. In 1859 is 'n begin hiermee gemaak toe Albasini aangestel is as 'n soort van Naturelle-Kommissaris. In 1864 is daar nog drie amptenare net dieselfde bevoegdhede as Albasini aangestel, en in 1876 is besluit om die gesag van die Kaptein verder in te kort deur meer amptenare aan te stel wat hulle net met Inboorlingsake sou besig hou.

'n Ander gevolg van die gebrek aan die nodige amptenare on oor die uitgestrekte gebied toesig te hou, was die verspreiding van vuurwapens. Die feit dat die Inboorlinge in besit van vuurwapens gekom het, het die vir die Republiek moeïlik gemaak om sy gesag te laat geld. Toe onderlinge geskille tussen die Blankes be-eindig was en die Boere probeer het om die Inboorlinge onder beter georganiseerde gesag te plaas en hulle te verplig om by te dra tot die inkomste van die Staat deur hulle belastings te betaal, het hulle die vuurwapens gebruik om heftig weerstand te bied.

Die opstandigheid van die Inboorlinge het vyande van die Republiek verwelkom. So is die Sekoekoenie-oorlog ook voorgehou as 'n rede waarom die Suid-Afrikaanse Republiek in 1877 anneksieer is. Die "onderdrukkingpolitiek" waarvan die Suid-Afrikaanse Republiek beskuldig was om die anneksasie deur die Britse parlement bekragtig te kry, het Shepstone met sy anneksasie-proklamasie al dadelik vergeet.

"De Naturellen stammen, die binnen de jurisdictie en onder bescherming van het Governement waren, moeten behoorlijk gehoorzaamheid geleerd worden en gedwongen behoorlijk aandeel te nemen in de ondersteuning van den Staat, die hem beschermen. 1.

Nieteenstaande die gesag van die Suid-Afrikaanse Republiek oor Sekoekoenie van Britse kant ontken is, het Shepstone dit goed gevind om op 9 Mei 1877 Sekoekoenie te laat weet:

if Sekukuni and his people wish to remain within the territory,

1. Buitengewone Gazette 12 April 1877.

2. St. Court. Z.A.R. 8 November 1876, No. 6582 - Brief van Barkly, 6 Oktober 1876.

he and his people will be recognised as British subjects. 1.

As hy gehoorsaam aan die wette van die Transvaal bly en sy belastings betaal, sou hy die beskerming van die Staat geniet,
² anders moes hy die Staat verlaat. Die 2,000 beeste oorlogs-indenniteit wat hy volgens die vrederverdrag met die Republiek moes betaal, moes Sekoekoenie aan Kaptein Clarke betaal.
³

Die ongegrondheid van die klagtes teen die Suid-Afrikaanse Republiek in verband met die Sekoekoenie-oorlog blyk ook daaruit dat die Britse Administrasie ongeveer 'n jaar na die anneksasie in 'n ernstige oorlog met Sekoekoenie gewikkeld was. Vier maande lank het Luit.-Generaal Thesiger probeer om Sekoekoenie ten onder te bring maar sonder sukses. Groter krygsoperasies was nodig en met 1800 man trek Kolonel Rowlands in Augustus teen die vyand op. Maar ook hy was verplig om in Oktober die veldtog op te gee. In Junie en Julie 1879 is weer ekspedisies georganiseer. Op 30 September 1879 is Kaptein Clarke gestuur om vrede te probeer sluit. Sy voorstelle is deur Sekoekoenie van die hand gewys. Eers in November 1879 is die grootste kafferoorlog wat in Transvaal gevoer was, be-
⁵ eindig en Sekoekoenie ten onder gebring.

Nieteenstaande Sir Henry Barkly geprotesteerd teen die gebruik van Kaffertroope deur die Boere, het die Britse Administrasie self nou ongeveer 8,000 Swasies in die Veldtog gebruik.
⁶ Op 21 Februarie 1879 skrywe Sir B. Frere aan die Britse Regering:
⁷

I believe that if South Africa is to be kept in peace it can only be by employing the natives as the staple of the army which with a small European force, must keep the native tribes in order.

-
1. C. 1883, bls. 26.
 2. C. 1883, bls. 25.
 3. Dieselfde, bls. 25.
 4. C. 2220, bls. 232, 233; C. 2144, bls. 73.
 5. Dieselfde, bls. 166, 354; C. 2505, bls. 110.
 6. St. Court. Z.A.R. No. 658, 8 Nov. 1876, K.G.No. 377.
 7. C. 1748, bls. 158; C. 2505, bls. 41; C. 2318, bls. 9
 8. C. 2318. Dieselfde is aanbeveel deur Slesstone in sy memorandum van 27 Februarie 1880 - C. 2581, bls. 101.

Daar is selfs beweer dat die Britse Administrasie in drie jaar (1877-1881) meer Naturelle bloed vergiet het as die Boere in die dertig jaar voor die anneksasie.¹ Die oorlogkoste van die botsings was £1,045,000. En²

dass das nun gerade unter englischer Heerschaft passiere musste, das war wirklich zu ~~gumm!~~³ Denn damit fiel ja eigentlich ein wichtiges Argument, das immer wieder gegen die Buren geltend gemacht worden war, nämlich die Unfähigkeit, die Eingeborenen richtig zu behandeln.⁴ 3.

Die opstandigheid van die Kapteins in die noordelike dele het die administrasie van Naturelle sake bemoeilik.⁴ In die begin van 1886 het die Superintendent van Naturelle die dele besoek. Hy het tot die besluit gekom dat

het nu bijna geheel op het einde met onze kafferbelasting in het distrik Zoutpansberg, Blanckberg, Houtboschberg, Waterberg en ook een groot gedeelte in Lydenburg (zijn) en kunnen wij gerust zeggen dat het zonder geweld zal nooit aan de wetten door de groote stammen voldaan worde.⁵ 5.

In 1898 is die laaste opstandige Kaptein, Mpefu, onderdruk. Die administrasie van die Republiek was toe al meer doeltreffend en dit kon met meer gesag optree: gevolglik was die inkomste van naturelle belastings in 1898, nieteenstaande droogtes,⁶ sprinkane, en ander teenspoede, £122,659/17/6.

Die Boere wou nie alleen in vrede met die Inboorlinge lewe nie, maar wou hulle graag in diens neem op hulle please. Dit was egter nie hulle beleid om die Inboorlinge te verplig om by hulle in diens te tree nie. 'n Poging is aangewend om hulle vir die diens van die Blankes te trek deur hulle teen mishandeling te beskerm en voorwaardes vir indiensneming te bepaal. Slawerny is nie in die Republiek geduld nie en streng deur die Staat verbied. Veral na die Sandrivier-Konvensie gesluit was, het die Republiek ernstig probeer om enige vorm van slawerny teen te gaan, omdat die Staat bewus daarvan was, dat Britse

1. C. 2695, bls. 13.

2. C. 3114, bls. 32.

3. Dr. Vallentin: Geschichte der S.A.R., bls. 187.

4. SN.10-22/84; SN.108, bls. 113; R. 4823/95.

5. SN. 107, bls. 121 - Brief van Supt. van Nat., April 1866.

6. Groenboek Z.A.R. No. 12, 1899.

Imperialiste redes sou probeer vind om die Konvensie vervalle te verklaar. In 1852 is deur middel van memories onder die aandag van die Volksraad gebring, dat die bepaling in verband met slawerny van die Sandrivier-Konvensie as voorwendsel gebruik sou word om in te meng in sake van die Republiek.¹ So verklaar Generaal Piet Joubert in 1884 ook:²

Om in Engeland gehoord te worden, moet men spreken over de afgrijselike en growelijken daden van die Boeren. Dat word met handegeklap en voetengetrappel begroet.

Imperialisties gesinde Britse onderdane was bewus van die invloed van die filantropiese stroming en het geredelik daarvan gebruik gemaak om hulle uitbreidingsplanne in Suid-Afrika te bevorder. Dit is opvallend dat uitbreidingsplanne en beschuldiginge teen die Suid-Afrikaanse Republiek nl. dat hulle slawerny toegelaat het en selfs slawehandelaars was, so dikwels saam bespreek word.³ So verklaar Grey onder ander:

that the High Commissioner should be authorised to abrogate or modify from time to time the Treaties with the Republics if they do not exert themselves to prevent slavery.

In Februarie 1867 skryf Lord Carnarvon in dieselfde gees aan Wodehouse: As slawerny in die Republiek toegelaat was en die tyd daarvoor ryp, wou hy die Sandrivier-Konvensie vervalle verklaar.⁴ Wodehouse en die Kaapse Parlement het die beleid ook onderskryf.⁵ Barkly het die voetspore van sy voorgangers gevolg en die Suid-Afrikaanse Republiek weer beschuldig dat hulle slawerny toegelaat het.⁶

Na die anneksasie is ondersoek ingestel en nie een slaaf is vrygestel nie. Met die "bedekte vorm van slawerny", die inboekstelsel van die Republiek, het die Britse Administrasie

-
1. E.V.R. 106, V.R.210/52, 8 Mei 1852: E.V.R. 106, V.R.211/52 12 Mei 1852; E.V.R. 106, V.R. 217/52, 3 Junie 1852.
 2. Byv. St. Court. Z.A.R. 7 Augustus 1884.
 3. R. 35/75.
 4. C. 4141, bls. 22.
 5. Dieselfde, bls. 12, 42-43.
 6. R. 1463/71; St. Court. Z.A.R. No. 347, 25 Junie 1872 K.G.No. 899.

voortgegaan en op dieselfde manier as die Republiek Naturelle kinders ingeboek.¹ En na die Transvaal vir drie jaar onder die Britse Administrasie was moes die Volksraad besluit oor 800 Inboorlinge wat volgens die oordeel van die Boere in stryd met vroeëre wette, in stryd met die gees van die Drie-en-dertig Artikels van 1844 en die bepalings van die Sandrivier-Konvensie in September 1878 deur die Britse Administrasie in Transvaal ingeboek was. Die Naturelle is op so 'n wyse ingeboek, dat die kinders van hulle ouers geskei is en

omdat het ook veel zweent naar slavernij, om huisgezinnen en bejaarde naturellen voor jaren lang in te boeken gedeeltelik zonder loon, zoo recommandeert de Regering aan den H.Ed. Achtb. Volksraad om de vrijlating van deze Kaffers gelijktijdig met hunne kinderen te bevelen en daartoe aan de Regering de magt te verleenende deze contracten te vernietigen.²

Op 10 Oktober 1881 is die aanbeveling van die Regering in die Volksraad bespreek, en is besluit om 'n Kommissie te benoem om die saak noukeurig na te gaan.³

Die Kommissie het geen bewys gevind, dat die Britse Administrasie die minste moeite gedoen het om toe te sien dat die ingeboekte goed behandel is, en het tot die besluit gekom, dat die Britse Administrasie in Transvaal op 'n groot skaal en op 'n "skandelike manier" onderneem het, wat in Engeland vir slawerny bestempel was.⁴ Die Volksraad het hierop besluit om die ingeboektes wat deur die Britse Administrasie van die stam van Masselroom ingeboek was vry te laat.⁵

Die Inboekstelsel het nie baie bygedra om te voorsien in die aanvraag vir arbeiders nie. Vandat die Trekkers hulle noord van die Vaalrivier gevestig het tot die end van die 19e eeu is klagtes by die Volksraad ingedien oor die gebrek aan

1. Tvl. Gvt. Gazette: No. 1, 14 April 1877; No. 4, 5 Mei 1877; No. 10, 16 Junie 1877; bls. 219; No. 147, 11 Nov. 1878, bls. 409; No. 109, 6 Julie 1880, bls. 219; e.s.m.
2. U.R.B. 10 Oktober 1881, Art. 67. E.R.N. Okt. 1881, Art. 90.
3. U.R.B. 10 Okt. 1881, Art. 67.
4. C. 3381, bls. 9, 10.
5. V.R.N. Oktober 1881, Art. 304.

1
arbeiders.

Die poging om deur verskillende belastingskale die Kaffers te beweeg om belastings te betaal, was gedurende die eerste driekwart van die 19e eeu nie 'n sukses nie, omdat die Republiek die daarin geslaag het om die belastings sistematies in te voorde nie. Met die ontdekking van diamante was die gebrek aan arbeiders nog meer gevoel, omdat baie Inboorlinge liewers na die diamantvelde gegaan het omdat daar hoër lone betaal was, smokkelhandel in diamante baie voordelig was en vuurwapens daar kon verkry word.² Die voordeel van die delwerye was, dat dit die Inboorlinge aan meer gereelde werk gewoon gemaak het. Die Republiek het probeer om die Inboorlinge binne die grense van die Republiek te hou deur die fooi vir buitelandse passe in 1876 te verhoog tot £2.³ Die Republiek het egter nie oor genoeg amptenare beskik nie om die wet deur te voer.⁴

Met die ontdekking van goud het baie Inboorlinge in die myne gaan werk. Hoewel die Regering nog pogings aangewend het om die Boere van arbeiders te voorsien, het hulle probeer om die aanloop van Naturelle na die myne te bevorder, omdat die ontwikkeling van die goudbedryf in belang van die Suid-Afrikaanse Republiek was. In 1899 kon die Hoof van Mynwese rapporteer, dat die myne goed voorsien was van arbeiders en dat deze Staat thans de voornaamste bijdrage levert in de voorziening van hare behoeften aan Naturellen arbeidsvermogen.⁴

Dit was die beleid wat die Republiek van die begin af gevolg het, om aan amptenare opdrag te gee om die Blankes van arbeiders te voorsien, omdat die inmenging van privaat persone in Naturelle aangeleenthede tot moeilikhede kon lei. Met die

1. E.V.R. 104, V.R. 54/48; E.V.R. 56/48; E.V.R. 104, E.V.R. 104 V.R. 80/49; E.V.R. 112, No. 265; V.R.N. 1899, Art. 1394.
2. Volkstem 13 Mei 1876.
3. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 666.
4. Groenboek Z.A.R. No. 16, 1899 bls. 6.

ontwikkeling van die Department van Naturelle Sake en die vermeerdering van amptenare wat verantwoordelik was vir die Naturelle Administrasie, kon die Republiek meer sistematies in die arbeidsbehoeftes van die Blankes voorsien sonder om die Inboorlinge te onderdruk.

Hiermee wil ons nie beweer dat die Boere die Inboorlinge gedurende die eerste jare van die bestaan van die Republiek onderdruk het nie. As die beskuldiginge waar was, dat die Boere so hard met die Inboorlinge te werk gegaan het en wrede ongeregverdigde oorloë teen hulle gevoer het, is dit onverklaarbaar waarom die Inboorlinge van die vroegste tyd binne Trekkergebied hulle gaan vestig het, en so vinnig in getalsterkte toegeeneem het.

In 1874 het President Burgers in sy sirkulêre in verband
1
met slawerny o.a. ook gevra:

Wat is U oordeel omtrent de politiek door de tegenwoordige Regering gevuld ten opzichte van de Naturellen, dit wil zeggen: is de politiek een humaan en zachte of te streng.

Op hierdie sirkulêre het die sendeling Nachtigal met die ander
getuies saam gestem, dat die beleid van die Suid-Afrikaanse Re-
publiek uiters humaan was. Sharley antwoord hierop:

the policy followed by the present Government with regard to the natives is humane, mild and not too severe a character.

J.R. Lys, 'n Engelsman van geboorte, verklaar, nadat hy vir 20 jaar in die Republiek gewoon het, dat die Inboorlinge baie ligher gestraf word in die Republiek as in enige ander deel van Suid-Afrika.

Dit kan nie ontken word dat daar enkele gevalle van mis-handeling binne die grense van die Republiek voorgekom het. Die Republiek was veral in die begin nie in staat om sy beleid teen-oor die Inboorlinge deur te voer nie. Die wêreld was woes,

1. Sien Hoofstuk oor Inboekstelsel
 2. R.3032/75 - Sien getuie van Nachtihal oor Inboekstelsel,
bls. 159.
 3. R. 346/75 - Sien besonderhede i.s. Sharley, bls. 160
 4. R. 3024/76.

die mense het ver van mekaar gebly en die Boere kon nie genoeg amptenare aan stel om toesig te hou oor so 'n uitgestrekte gebied nie. Vreemdelinge en misdadigers kon byna na willekeur die land inkom. Die pioniergeselskap het tyd nodig gehad om 'n doeltreffende Administrasie te ontwikkel. Die Boere was nie ervare wetgewers nie. Hulle moes hulle aanpas by die nuwe omstandighede en gaandeweg wetgewing volgens die toestande dit eis, opstel. In die Kaapkolonie kon die Trekkers nie veel leer nie, omdat die Britse Regering voor die Groot Trek nie onderneem het om groot kafferstamme te regeer nie. Hulle het egter gebruik gemaak van die bietjie kennis wat hulle hier opgedoen het. Die segregasie-beleid van die Kaapse Gouverneurs teenoor die Kafferstamme op die oosgrens, het die Trekkers verder opgebou. Die Inboorlinge moes egter geleer word om die grense wat vir hulle aangewys word en die besittings van die Blankes eerbiedig. Die paswette van Caledon en die Inboekstelsel van Cradock het die Boere weer toegepas. Die beleid wat saamgevat word in Ordonnansie No. 50 van 1828 is egter definitief deur die Boere afgekeur.¹ So bepaal die 33 Artikels van 1844. o.a.: "Geene Bastaarden zullen in onze vergaderingen als lid of regter mogen zitten"² In dieselfde gees bepaal die grondwet van 1858: "Geen gekleurden, noch bastaarden zullen toegelaten worden in onze vergaderingen." Geen gelykstelling op politieke ekonomiese of sosiale gebied sou in die Republiek geduld word nie. Die Inboorlinge was onbeskaaf en moes tevrede wees om as sulks beskou te word.

1. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 2
2. Dieselfde, bls. 38.